

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 10, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2010 *Tomorrow's World*-tydskrif



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## Waarom loop alles eensklaps verkeerd?

Artikel na artikel verskyn nou in tydskrifte, koerante en op die Internet aangaande die wantroue wat toenemende miljoene Amerikaners nou teenoor die Amerikaanse regering voel. Daar is 'n gevoel dat Amerika se regering “buite beheer” is – dat iets werklik *verskriklik* besig is om te gebeur – dat die nasie **nooit** weer dieselfde sal wees nie. Baie ontleders het die “twee Amerikas” beskryf. Hulle ontleed die verdeling tussen verskillende groepe van mense in Amerika – en waarheen dit lei. 'n Paar ontleders maak selfs melding van Jesus Christus se geïnspireerde stelling, “elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie” (Mattheüs 12:25). Hoe lank *sal* Amerika in ons huidige omstandighede staande bly?

Ons wêreld is seer sekerlik besig om te verander! Ek onthou toe ek en my vrou vanaf Los Angeles na Oos-Texas gery het in die 1950's en vroeë 1960's, en 'n paar keer oorgebly het om die besienswaardighede in Juarez, Mexiko te sien – reg aan die anderkant van El Paso, Texas. Reg teenoor die Rio Grande, het ons Juarez betowerend gevind en gehoor van 'n interessante restaurant – met begeleidende Mexikaanse musiek – wat skoon was en goeie kos bedien het. Dit was 'n baie aangename plek om te besoek, en ons het dit altyd geniet en *heeltemal veilig* gevoel.

'n *Toekomsblik*, vandag is Juarez feitlik 'n moordhoofstad van die wêreld! Talle mense word gereeld daar vermoor deur die Mexikaanse dwelmkartelle. Dit is *reg op die Amerikaanse grens!* Duisende trekarbeiders stroom elke maand vanuit hierdie gebied oor die grens, Amerika binne. Namate toenemende getalle mense hulself onwettig vestig, sommige bring gesinne saam en kry kinders in Amerika, hoor ons meer en meer van 'n eersdaagse “*reconquista*” – die herowering van die Amerikaanse Suidweste deur mense wat van Mexikaanse en Amerikaanse inboorlinge afstam, wat glo dat hierdie deel van Amerika nog altyd “hulle s'n” was!

'n Ander groot probleem wat nou binnekort voorlê, is die massiewe **finansiële krisis**, wat nie net Amerika affekteer nie, maar ook 'n groot deel van die res van die wêreld. Dit sal egter 'n meer dramatiese uitwerking op Amerika hê as op die meeste ander lande – want Amerika het die wêreld se “grootste skuldenaar” geword – en druk geld vir die vale – skep *biljoene* dollars van “Monopoly-geld” wat wesenlik deur **niks** gerugsteun word nie! Ander nasies aan wie Amerika toenemend *miljarde* dollars skuld – *veral China* – begin baie bekommerd raak. Hulle kan te eniger tyd hul massiewe lenings *afsny* – wat die dollar en die hele finansiële stelsel van

Amerika byna oornag sal laat tuimel! Soos die ewige God aan ons sê: "... hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen" (Spreuke 22:7).

Lesers wat al vir 'n geruime tyd die *Wêreld van Môre* lees, verstaan dat Amerika, die nasies wat van die Britte afstam en die demokratiese nasies van noordwes Europa (saam met Juda, die hedendaagse staat van Israel), die hedendaagse afstammeling van antieke Israel is. Die Bybel voorspel onheilspellend wat sal gebeur as die afstammeling van antieke Israel hulle distansieer van God en Sy Wette: "Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklom; en jý sal laer en laer afsak. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees. En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooe en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie" (Deuteronomium 28:43-45).

Waarlik, *regoor die wêreld* is Amerika se mag en aansien besig om "gebreek" te word. Soos ons dit al baie kere gestel het, voorspel die Skrif dat indien Amerika hulself distansieer van God se gebooe en Sy insettinge (Levitikus 26:15-16), Hy "verskrikking" oor hulle sal beskik – of "terrorisme" soos dit ook vertaal kan word. Verder, as straf vir voortgesette ongehoorsaamheid, waarsku

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### **Voorblad**

#### **Persoonlik – Waarom loop alles eensklaps verkeerd?**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### **Hoofartikel**

#### **"Vrees" u God? 3**

Wat gaan gebeur met 'n wêreld wat die spot dryf met God? Het u diepe respek vir u Skepper?

#### **Wie is die Duiwel? 8**

Kan u die bose mag om u uitken – en dit oorwin?

#### **Draaipunte 13**

David Cameron en sy deelgenote het aan hulself 'n monumentale taak gestel toe hulle die leisels oorgeneem het na 13 jaar van Arbeidersregering.

#### **Die geheimenis van die verstand 16**

Is die menslike verstand die uiteindelijke onbekende grens?

#### **Kies beleefdheid! 20**

Kan u 'n verskil maak in 'n wêreld wat onbeskof geraak het?

### **Gereeld**

#### **Vrae en Antwoorde 23**

#### **Profesie neem gestalte aan 24**

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## **Wêreld van Môre**

### **Hoofredakteur**

Roderick C. Meredith

### **Redaksionele Direkteur**

Richard F. Ames

### **Uitvoerende Redakteur**

William Bowmer

### **Besigheidsbestuurder**

J. Davy Crockett, III

### **Streeksredakteurs**

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

### **Nuusbuuro**

June Olsen

### **Streekskantore**

#### **VSA:**

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### **AUSTRALASTIË:**

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

#### **KANADA:**

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### **NIEU-SEELAND:**

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### **FILIPPYNSE EILANDE:**

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

#### **SUID-AFRIKA:**

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# “Vrees” u God?

Deur Roderick C. Meredith

**Wat gaan gebeur met 'n wêreld wat die spot dryf met God? Het u diepe respek vir u Skepper?**

Baie mense was vroeër hierdie jaar geskok toe die *Comedy Central Cable* televisie-netwerk hul lys van nuwe programme wat ontwikkel word aangekondig het. Tesame met die tipiese mengsel van smerige, vulgêre en komiese spektakelstukke, het die netwerk 'n taamlike ongewone projek in 'n 6 Mei persvrystelling beskryf:

“*JC*. 'n Halfuurlange animasie vertoning oor *JC* (Jesus Christus) wat probeer ontsnap uit sy vader se enorme skaduwee om sy lewe as 'n gewone mens te leef in die stad New York. Baie het verander in die laaste 2,000 jaar en hy is die allerlaaste vis uit die water. Intussen wil sy almagtige maar ongevoelige vader verkieslik videospeletjies speel as om na *JC* se vertelling van sy lewe in die stad te luister. *JC* is 'n speelse verwysing na godsdienste en die samelewing, met 'n sprankel stommiteit”.

Hou in gedagte dat hierdie nuwe program ontwikkel word deur dieselfde netwerk wat geweier het om 'n episode van die reeks *South Park* uit te saai omdat dit na bewering Mohammed, wat deur die Moslems geëer word as profeet, belaster. Of *JC* ooit werklik geproduseer gaan word of nie, die *blote gedagte* dat so 'n onnosele, arrogante en lasterlike uitbeelding van die Seun van God ernstige oorweging geniet

het, behoort aan ons 'n idee te gee van *hoe ver op die afdraande pad* ons reeds gevorder het! 'n Paar dekades gelede sou niemand *ooit eens van so 'n idee gedroom het* nie. Destyds het 'n paar mense ten minste nog *diepe respek* vir God gehad.

Klink dit of ek “outyds” is?

Miskien is ek, want dit is sekerlik nie “in die mode” om deesdae van die “vrees” van God te praat nie. Eerlikwaar, die blote geagte aan 'n “ware” God – 'n God met **algehele mag** wat gewillig en in staat is om in te gryp in menslike sake – is bykans uitgewis uit die denke van die meeste moderne mense. Of hulle nou daarvan hou of nie, die *ware* God van die Bybel is egter nou, meer as ooit tevore, besig om in te gryp in menslike sake en Hy sal miljoene skeptiese en rebelse mense tot in hul fundamente **skud!**

Dit is waar u, geagte leser, inkom.

Ons by die *Wêreld van Môre* wil nie hê dat u oningelig moet wees aangaande al die ateïstiese en valse godsdienstige ontwikkelings wat om u aangaan nie. Ons wil nie hê dat dieselfde lot u moet tref as wat binnekort voorlê vir so baie mense wat nie gewillig is om die ware God van die Bybel opreg te *aanbid* en te **gehoorsaam** nie. Ja, deesdae het ons invloedryke “kundiges” soos Richard Dawkins en kritici

soos Christopher Hitchens wat oor *The God Delusion* [*Die God Bedrog*] en soortgelyke onderwerpe skryf. Op hul arrogante, hoogdrawende hiper-intellektuele manier kraak hulle sekerlik die werklike begrip van 'n ware God af. Hulle ydelheid en arrogansie is verregaande. Die belangrikste vraag om te vra is egter: “*Is hulle reg?*”

## Intellektuele arrogansie?

Bykans 2,000 jaar gelede, toe die apostel Paulus te kampe gehad het met die intelligentsia van die Griekse en Romeinse wêreld, was hy geïnspireer om oor hul benadering te skryf. Hy stel dit so: “Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die **waarheid onderdruk**” (Romeine 1:18). Net soos hul moderne eweknieë, het daardie geleerdes probeer om die omvangryke bewyse te ontken, te ignoreer en te **onderdruk**, wat daarop dui dat daar 'n skepping **was** en dat die Skepper in der waarheid in menslike sake ingegryp **het** in ontsagwekkende profetiese verwickelinge wat oor en oor in die Bybel geboekstaaf is. Eerlikwaar, as hulle slegs *een-tiende* van hul geestelike energie sou gebruik het om die bestaan

van God te probeer **bewys**, van Sy skepping en van Sy *ingryping in profetiese gebeure*, sou hulle gevind het dat dit so duidelik soos daglig is dat daar 'n ware God is – en dat Hy diep *gerespekteer* en *gevrees* behoort te word! Hulle het egter die ander pad gevolg. Soos Paulus geskryf het: “Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword” (vers 22). Paulus beskryf ook die “skandelige hartstogte” waarin miljoene mans en vrouens verval het, namate hulle meer en meer betrokke geraak het in verderflike gebruike en “skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige **vergelding** van hulle dwaling ontvang” (vers 27). Ons kan moontlik aan VIGS dink, asook al die ander geslagsiektes, krankhede en verbrokkelde lewens wat die gevolge is van voorhuwelikse seks, owerspel en so baie ander perverse gedrag van sulke individue.

Enige objektiewe waarnemer kan die skrikwekkende “vrugte” sien wat volg op 'n lewe in opstand teen God se weg. God het aan ons Sy weg bekend gemaak, maar hardkoppige, rebelse menslike wesens volhard om aan hul Skepper ongehoorsaam te wees – Hy wat hulle meer lief het as wat hulle hul dit kan indink! Nogtans, indien ons sou stilstaan en eerlik die groot, ondeurgrondelike liefde en persoonlike besorgdheid wat God die Vader vir elkeen van ons het, bedink, sou ons nederig en diep dankbaar wees. As ons eers tot die kennis van God

gekom het en Sy doel met ons verstaan, behoort ons baie bevrees te wees om voort te gaan om sonde te pleeg, omdat ons weet dat die Oordeelsdag sal kom. Ons behoort te bang te wees om ons Redder, Jesus Christus teleur te stel, Hy wat 'n baie pynlike dood gesterf het vir ons sodat ons gered kan word. “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word” (Johannes 3:16-17).

### Wat is vrees?

Mense verstaan dikwels verkeerd wat die Bybel bedoel met “vrees”. Soos ons gesien het, God het ons so lief gehad dat Hy Jesus Christus na die aarde laat kom het om te sterf vir al daardie mense wat nog steeds sondaars was. Hy probeer nie om mense te “vergruis” en hul te laat “bewe” vir Sy plesier nie. Hy begeer opreg dat almal gered sal word. Diegene wat in opstand is teen God, behoort sekerlik Sy wraak te vrees, maar diegene wat probeer om aan Hom gehoorsaam te wees, behoort verstom te wees deur Sy liefde en dit behoort 'n persoon tot diepe ontsag te stem.

Jesus Christus het Self uiting gegee aan “godelike vrees” toe Hy Sy Vader aangeroep het (Hebreërs 5:7). Ons kan dus nie sê, soos

sommige mense so verkeerdelik doen, dat “vrees” 'n onvolwasse emosie is wat Christene “sal ontgroeï” nadat hul geloof volwassenheid bereik het nie. Ons behoort liewer te verstaan dat goddelike vrees 'n diepe insig is van God se ontsagwekkende mag – en die wete dat Hy daardie mag gebruik in volmaakte liefde.

Dus, het *u*, persoonlik, 'n behoorlike **vrees** vir die ware God van die Bybel – die Skepper en Heerser van die ganse heelal – wat aan u lewe en asem skenk? *Dink asseblief daarvoor na* – vir u eie beswil. In Spreuke 9:10 lees ons: “Die *beginnsel van die wysheid* is die **vrees** van die HERE, en kennis van die Heilige is *verstand*”.

Dit is uiters noodsaaklik dat ons verstaan daar **is** werklik 'n Skepper wat aan ons lewe en asem skenk, wat 'n *verhewe doel* hier op aarde uitwerk. Daardie kennis help ons om die regte besluite te neem en regte keuses te maak vir ons toekoms – vir nou, sowel as vir ewig. Daardie soort “vrees” is dus die beginpunt van werklike **wysheid**. Soos ons gesien het, beteken dit nie dat u in 'n negatiewe en vreesagtige sin “bang is vir God” nie. Dit beteken eenvoudig dat u die *werklikheid aanvaar*. Dit beteken dat u tot die punt gekom het waar u gewillig is om *uself te verootmoedig* en u Skepper te erken – dat u in werklikheid gewillig is om te **doen** wat Hy sê.

Die “wysste man op aarde”, Koning Salomo, het die hele boek Prediker in hierdie woorde opgesom: “Die hoofsaak van



alles wat gehoor is, is: **Vrees God en hou sy gebooie**; want dit geld vir alle mense” (Prediker 12:13).

God het mense vir 'n **doel** geskape. Dit is ons Skepper se voorneme dat ons moet leer om die regte soort *respek* en selfs **ontslag** vir Hom te hê, *ten einde daardie doel te verwesentlik* en geskik te wees om die *ewige lewe* in die werklike Gesin van God te ontvang. God is nie besig om “rebelle” te maak nie. Hy wil eenvoudig net mense hê wat vir Hom *lief* sal wees, Hom sal *eer* en Hom *gehoorsaam* sal wees, sodat hulle die **regte lewenswyse** kan *aanleer* en *toepas* en in staat sal wees om *vir altyd* in eensgesindheid met mekaar klaar te kom in Sy toekomstige Koninkryk. Dit is so eenvoudig soos dit. Deur die offer van Sy Seun, Jesus Christus, het Hy volkome *vergifnis* van ons sondes en foute en opstandigheid van die verlede moontlik gemaak. Sodra ons eers **bekeerd** is – onthou bekering beteken **verandering** – behoort ons te begin om 'n diepe respek of “vrees” vir God te hê, sodat ons waarlik sal **leef** volgens die weg wat Hy in die Bybel openbaar.

### God vereis respek

Aangesien ons gevul is met menslike natuur is ons as mense geneig tot eiesinnigheid, sarkasme en selfs *opstand* teen ons Skepper – net soos baie tieners van nature teen hul eie ouers in opstand kom. God wil derhalwe hê dat ons die regte soort vrees moet hê, sodat ons

gewillig sal wees om **ag te slaan** op wat Hy aan ons sê om te doen. Dit is nie vir God 'n verleentheid om hierdie gesonde soort vrees en agting van ons te **vereis** nie. Dit is 'n baie ernstige saak! Jesus Christus het dit duidelik gestel: “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar **vrees Hom** liewer wat die siel sowel as die liggaam kan **verderwe** in die hel” (Mattheüs 10:28).

Ja, *u lees dit reg* – die Bybel stel dit op baie verskillende plekke en maniere dat God diegene sal **vernietig** wat nie aan Hom onderworpe wil wees en nie gewillig is om te **doen wat Hy sê** nie. Andersins, as die ewige lewe aan hulle geskenk sou word *sonder* dat hulle eerstens 'n opregte berou tot bekering gehad het, sou hulle hulself en *almal* om hulle se lewens vir alle ewigheid absoluut **misrabel** maak. Daar sou voortdurende opstand en uittarting van God se gesag wees, soos Lucifer as voorbeeld dien toe hy teen God gedraai en Satan geword het (verwys Jesaja 14; Esegïël 28; en lees ook ons artikel, “Wie is die Duiwel?” elders in hierdie uitgawe).

Die *ware* Jesus Christus van die Bybel het mense herhaaldelik reguit gewaarsku dat menslike verwaandheid en rebellie smart en dood meebring. Hy beskryf hoe die godsdienstige leiers van Sy tyd tekort geskiet het en Jesus waarsku: “Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word

in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande” (Mattheüs 8:12). Hy het ook daarop gewys: “... die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos” (Johannes 3:19).

Ja, daar sal **geween** en tande gekners word tydens Christus se wederkoms. Baie belydende godsdienstige mense – selfs godsdienstige leiers – sal vind dat hul *eie heidense gebruike* hul nie sal toelaat om in God se toekomstige Koninkryk te wees, op gesag van Jesus se eie woorde nie: “En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle **nooit** geken nie. Gaan weg van **My**, *julle wat die ongeregtigheid [of wetteloosheid] werk!*” (Mattheüs 7:23).

Wetteloosheid? Ja! Deesdae het die meeste belydende Christene direk of indirek 'n “geen wet” benadering. Dit lyk nie of hulle kan aanvaar dat Christus ons geleer het van **beide genade en gehoorsaamheid** aan God se Wet nie (Mattheüs 5:17-19). Hulle het 'n algehele en totale *heidense paradigma* aangeneem van waaroor Christelike alles gaan. Omdat hulle nie die ware “vrees” vir God het nie, sal die meeste van hulle nie luister nie, selfs al word hulle die Waarheid vertel. Want, net soos die antieke heidene gedoen het, word die Waarheid oor God, en die doel van die menslike bestaan, nog steeds deur die meeste “geleerde” mense ontken en selfs *onderdruk*. Hulle gebrek aan die vrees vir die ware

God lei tot 'n soort van geestelike en intellektuele verwaandheid wat hulle nie toelaat om *hulself te verootmoedig* en die ware God van die Bybel te **soek** nie, selfs terwyl Hy nou meer as ooit gevore in menslike sake ingryp.

God se geïnspireerde Woord beskryf duidelik die geestelik lui en selftevrede individue wat – alhoewel hulle godsdienstig is in sekere opsigte – God nie van harte soek nie, nog minder *gehoorsaam* hulle Hom heelhartig of probeer hulle om **Sy Werk te doen**. Jesus sê hieroor: “En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geweene wees en gekners van die tande” (Mattheüs 25:30). Nee, Jesus het **nie** altyd “mooi dinge gesê” wanneer Hy oor die lot van bosome mense gepraat het nie! Hy **het** egter die toekomstige Poel van Vuur beskryf. Hy **het** beskryf hoe daar “geweene en gekners van tande” sal wees – mense wat heeltemal **verlam** sal wees deur die verkeerde soort van vrees en verskrikking, omdat hulle in hulle hoogmoed **nie gewillig was** om hul Skepper na *regte* te vrees – om Hom lief te hê, Hom te dien en aan Hom gehoorsaam te wees nie.

### Die laaste dae

Die apostel Paulus was geïnspireer om te skryf oor die bykans **algehele gebrek** aan diepe respek vir diegene in gesag, en teenoor God Self, wat heersend sal wees in die laaste dae. Hy het geskryf: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die

mense sal liefhebbers van hulself wees, geldgieriges, grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie” (2 Timotheüs 3:1-3). Ons sien sekerlik vandag dat die meeste mans en vrouens heeltemal behep is met die “eie ek”. In ontelbare televisie- en radio-advertensies word aan hulle gesê: “U verdien dit, koop dit dus!” Hulle word geleer om die **self** te vertroetel, te bederf en die *self* feitlik te “aanbid”. Dus – sonder 'n ware vrees en **ontslag** vir God en bandelose minagting teenoor alle God-aangestelde outoriteit – is hulle “grootpratere”, “lasteraars”, “ongehoorsaam aan ouers” en hulle is sekerlik “sonder liefde vir die goeie”. Baie van hulle *kan dit nie eens verdra* om nederig oor die ware God, oor Bybelse godsdiens en oor **gehoorsaamheid** aan die Skepper van hemel en aarde, te praat nie. Sodanige gesindhede lei tot die soort van verwronge denke wat 'n spotprentkomedie kan uitdink om die spot te dryf met die ware Seun van God en Sy Vader in die Hemel!

Bybelse profesieë onthul dat, binne die volgende paar jaar, die groeiende verwaandheid van *honderde miljoene* mense hulself sal manifesteer in een van die merkwaardigste gebeurlikhede in die hele menslike geskiedenis, 'n gebeurlikheid wat beskryf word in

Openbaring 17:12-14. Hier vind ons 'n beskrywing van die finale tien konings van die toekomstige herleefde Romeinse Ryk, wat binnekort hul mag en gesag sal oorgee aan die toekomstige “Dier” of super-diktator wat regdeur Openbaring beskryf word. Dan, ná die 3½-jaar verdrukking wat in Openbaring beskryf word, sal die leëmagte van hierdie ontelbare miljoene mense letterlik “oorlog voer” teen die ware Seun van God! Kan u enigsins die **algehele gebrek** aan *respek* begin verstaan wat hierdie honderde miljoene mense en hul leëmagte sal moet hê ten einde **teen God te veg** wanneer Hy Sy Seun terugstuur na hierdie aarde? Dit behoort aan ons iets te vertel van die **algehele misleiding** van hierdie wêreld onder Satan die duiwel, soos Johannes geïnspireer was om te beskryf: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, **wat die hele wêreld verlei [mislei]**, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9).

Geagte leser, ek skryf aan u as 'n dienaar van die lewende God. Ons nader definitief die einde van 'n 6,000-jarige tydperk waartydens God Sy “hande tuis gehou” het en die mensdom toegelaat het om hul *eie gang te gaan*, voordat Hy kragtig sal ingryp. Baie van u begin besef dat *hierdie Werk* in werklikheid hoofsaaklik die Werk is wat Jesus Christus gebruik om die weg voor te berei vir Sy wederkoms. Ons dring oor en

oor by u aan om te bewys wat ons sê – *uit u eie Bybel*. Ons moet dig u aan om wêreldgebeure dop te hou, sodat u met u eie oë die hele reeks van eindtydse profetiese gebeure kan sien, wat ons alreeds vir dekades lank beskryf en wat *nou* besig is om gestalte aan te neem! U weet dat dit lyk of feitlik **alles** verkeerd loop in Amerika en in die grootste deel van die Westerse wêreld. U weet

dat mense begin wonder oor die *werklike redes* agter so baie wêreldgebeure. In hierdie publikasie en in die *Tomorrow's World* se beeldsending en op die [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za) webtuiste, probeer ons u help om die *ware antwoorde* te verstaan.

Ons gee verseker aan u die antwoorde uit u Bybel. Het u al die regte soort van **goddelike vrees**, sodat u gemotiveerd sal wees om God ywerig te **soek** en,

uit u eie Bybel, aan uself te bewys dat wat ons skryf, sê en publiseer, die waarheid is? Ek bid dat u sal leer om die regte soort diepe ontsag en eerbied vir u Skepper te hê, sodat u vir Hom lief kan wees – en daardie liefde en ontsag kan toon deur daarna te streef om Sy Gebooie te **bewaar** (1 Johannes 5:2-3). Bewys God se Waarheid aan uself – en tree daarvolgens op, terwyl u die geleentheid het! **WVM**

# Wat van liefde?

Deur William Bowmer

Die apostel Johannes het geskryf: “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie” (1 Johannes 4:18). Studente van die Bybel maak soms misbruik van hierdie vers om te probeer bewys dat “liefde” en “vrees” onversoenbare gesindhede is – en dat, vir 'n Christen, “liefde” vrees vervang. Is dit dan werklik wat u Bybel leer?

Oorweeg die voorbeeld van Jesus Christus. Niemand sal sê dat Jesus Christus nie volmaakte liefde gehad het nie. Let tog op: Jesus Christus Self het “goddelike vrees” geopenbaar (Hebreërs 5:7-8)!

Hoe kan dit dan wees? Om te verstaan, moet ons seker wees dat ons verstaan wat liefde is. Hoe definieer die Skrif liefde? “Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Johannes 5:2-3). Beskou u God se Gebooie as 'n las? Indien wel, toon u nie liefde teenoor God nie. Oorweeg wat Johannes geskryf het: “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid” (1 Johannes 3:4).

Om God volmaak lief te hê beteken om Hom volmaak te gehoorsaam. Waar daar ongehoorsaamheid teenoor die Wet is, daar is sonde, en sonde bring straf mee (Lukas 12:47-48; Jakobus 1:13-15). Waar daar egter perfekte liefde is, en dus perfekte gehoorsaamheid, is daar geen

vrees vir straf nie (Galasiërs 5:22-23).

Natuurlik, as mense, is die werklikheid van ons lewens dat ons nog nie volmaak is in die liefde nie. Ons kan egter staatmaak op 'n Redder wat volmaak was en is! In Christus het ons 'n Hoëpriester wat, net soos ons, beproef was in alle punte, maar wie – anders as ons – nooit gesondig het nie (Hebreërs 4:15). Kan ons onself begin indink hoe geweldig Sy liefde vir ons moet wees, dat Hy vir ons gesterf het terwyl ons nog sondaars was (Romeine 5:8)?

Was dit nie vir Christus se offer nie, het ons alle rede gehad om in vrees vir ons lot te leef. Genadiglik, as gevolg van daardie offer, kan ons berou hê en ons bekeer van ons sondes en vergifnis ontvang (Handelinge 5:31-32; Efesiërs 1:7-8). Gevolglik kan ons diepe ontsag, eerbied en dankbaarheid teenoor God ervaar, sonder vrees of kwelling.

Ja, die opregte liefde van God gaan hand aan hand met goddelike vrees. Vir 'n ware volgeling van Jesus Christus is “liefde” en “vrees” nie 'n geval van “óf die een óf die ander” nie – dit is 'n geval van “albei/asook”. Let op die woorde van Moses wat vandag nog steeds toepaslik is vir Christene as “geestelike Israel”: “En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooie van die HERE en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?” (Deuteronomium 10:12-13). **WVM**

# Wie is die Duiwel

Deur Richard F. Ames

## Kan u die bose mag om u uitken – en dit oorwin?

Niemand kan ontken dat miljoene mense vandag geboei word deur die okkulte nie. Jong mense in besonder stroom na “vermaak” soos Stephenie Meyer se *Twilight* novelles. Drie verfilmings van daardie novelles is al vrygestel; een daarvan – *The Twilight Saga: Eclipse* – het meer as \$72 miljoen ge-in met die openingsdag in Junie 2010, meer as enige ander rolprent in die Amerikaanse geskiedenis.

Hedendaagse vermaak hemel voortdurend “nie-dooie” vampiere, spitsvondige en kreatiewe hekse, demoniese privaatspeurders en ander figure op wat optree in 'n skaduwêreld tussen God en Satan, lewe en dood. Die soort van “death metal” musiek tesame met ophemeling van grusame geweld, bring dikwels openlike lof aan die duiwel.

Wie en wat is die duiwel egter? Aan die een kant beskou baie intellektueles dit as primitief en uit die mode om te erken dat bose geestelike wesens bestaan. Aan die ander kant bly dit 'n onderwerp wat miljoene mense fassineer. Indien daar wel 'n duiwel is, behoort ons sekerlik te weet hoe om hom uit te ken en hoe om sy boosaardige invloed te oorwin.

U Bybel verduidelik waarom daar so baie moeilikhede en boosheid in die wêreld is. Ons lees in Openbaring 12:9: “En die

groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp”.

Hier beskryf u Bybel 'n magtige geestelike wese wat duiwel en Satan genoem word, as “die groot draak” en “die ou slang”. Ons leer ook 'n verstommende waarheid wat baie min mense vandag glo – dat **hy die hele wêreld verlei [mislei]**.

Waarom is daar 'n duiwel? God het nie 'n duiwel geskape nie, maar Hy het *wel* engelewesens met 'n vrye morele keuse geskape. Hy het drie gerubs of aartsengele geskape – Lucifer, Mígael en Gabriël (in Judas 9 word Migaël 'n aartsengel genoem) – en elkeen van hulle het vermoedelik 'n derde van die engele gelei. Een van hierdie drie, Lucifer, het God se teenstander geword (die bewoording “Satan” kom van die Hebreeus vir “teenstander”) en was neergewerp na die aarde saam met 'n derde van die engele. “En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi” (Openbaring 12:3-4). In die Bybel is sterre

dikwels simbolies van engele (vergelyk Openbaring 1:20).

Wie is die duiwel? Party van u mag dit skokkend vind, maar u Bybel beskryf Satan as “die god van hierdie wêreld” (2 Korinthiërs 4:4). Hy swerf rond op die aarde en “soek wie hy kan verslind” (1 Petrus 5:8).

## Tipe en antitipe (teenbeeld)

Deur tipe en antitipe te gebruik, beskryf die boek Esegieël in hoofstuk 28 Lucifer se oorspronklike verantwoordelikhede en sy daaropvolgende ondergang. Hier is die koning van Tirus die tipe, en die gerub wat Satan geword het, die antitipe. “Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy



geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien” (Esegiël 28:12-17).

Die verantwoordelikheid oor die aarde was aan Lucifer gegee lank voordat mense geskape is. Dit het hom vrygestaan om gehoorsaam of ongehoorsaam te wees, net soos mense die mag het om te kies tussen reg of verkeerd. Lucifer het egter in opstand gekom – hy het geweier om die wil en regering van God uit te voer. Die eerste mens – Adam – was daarna die geleentheid gebied om Satan as die heerser van hierdie wêreld te vervang. Adam en Eva het tóg geswig voor die versoeking en gesondig. Net soos Adam en Eva, het elke mens, uitgesonderd Jesus Christus – Emmánuel, God in die vlees – gesondig. Die Skrif herinner ons daaraan, “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Romeine 3:23).

God die Vader het 'n tweede Adam gestuur, Jesus Christus, om die duiwel te weerstaan en hom te oorwin. Die Skrif sê aan

ons dat ná 'n vas van 40 dae, Jesus fisies uitgeput was, maar Hy het nog steeds die duiwel beveg met die Skrif. Nadat Hy geweier het om Satan te gehoorsaam, beveel Jesus hom uiteindelik: “Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien” (Mattheüs 4:10).

Jesus het bewys dat Hy nie sou swig voor die duiwel nie. Jesus was in alle opsigte versoek, net soos ons, maar sonder sonde (verwys Hebreërs 4:15). Hy het bewys dat Hy oor die karakter en geregtigheid beskik om oor die aarde te heers. Wanneer Jesus na die aarde terugkeer as Koning van die konings, sal Hy Satan vervang as die heerser van hierdie wêreld en hom vir 'n duisend jaar verban, maar tot dan sal Satan voortgaan om die hele wêreld te mislei. Kan hy u ook mislei?

### 'n Engel van die lig?

God het antieke Israel gewaarsku om die okkulte te verwerp, asook alle valse aanbidding wat Hy nie self ingestel het nie: “As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat

waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie” (Deuteronomium 18:9-14).

Dit is skokkend, maar ten spyte van God se duidelike waarskuwing, sien ons elke jaar met Halloween dat miljoene ouers hul kinders aanmoedig om hulle aan te trek as demone, hekse en ander vreedse okkultiese figure, wat 'n grap maak van die okkulte en 'n bespotting van God se opdrag om sodanige praktyke te vermy!

Terwyl baie miljoene mense “meedoen” aan die okkulte, aanbid slegs 'n relatiewe paar mense openlik en bewustelik 'n wese wat hul beskou as die “bose”, of neem deel aan okkultiese godsdienste wat Satan openlik aanbid, of sy demone, of enige verskynsel van boosheid. Dit is nie ongehoord, selfs in ons “moderne” tyd, vir hekse en townaars om dodelike rituele te bedryf nie – in uiterste gevalle selfs tot die omvang van menslike offers. Andere bedryf weer wat hul beskou as “onskuldige” vorms van okkultisme of die heidendom – volgens beraming is in slegs Amerika alleen, so veel as 3 0 0 , 0 0 0 mense wat beoefenaars is van “Wicca” – 'n

vorm van veelgodige natuuraanbidding, wat selfs erken is as 'n gewettigde godsdiens deur die Amerikaanse Leër se Kapelaankantoor, wat dan ook pastorale dienste aan militêre Wiccans bied.

Hoe algemeen is Satan-aanbidding dan? Die meeste mense wat Satan aanbid besef nie eens dat hulle hom aanbid nie! Die apostel Paulus verduidelik hierdie sataniese slinkse plan, en wys daarop dat Satan nie altyd sal voorkom as 'n slang of 'n draak nie, maar dat hy homself sal voordoen as 'n engel van die lig! "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Korinthiërs 11:13-15).

Ja, die apostel Paulus het gewaarsku dat Satan sy eie dienaars het wat lyk asof hulle dienaars van geregtigheid is. Dit is waarom ons die lesers van die *Wêreld van Môre* uitdaag om ons nie te glo net omdat ons beweer dat dit die waarheid is nie. Ons dring by u almal aan om die waarheid in u eie Bybel te ontdek. Onthou u die mense in Berea in Handeling 17:11? Lukas skryf hulle het "elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was". Ons behoort almal dieselfde te doen!

Hoe kan u 'n dienaar van

Satan uitken? 'n Dienaar van Satan mag opreg wees, hoewel opreg mislei. 'n Dienaar wat woorde spreek wat teenstrydig met die woorde van Jesus Christus en God die Vader is, is sekerlik nie 'n ware dienaar van Jesus Christus nie, maak nie saak hoe opreg hy mag wees nie. Neem as voorbeeld dat party dienaars preek dat Christene nie nodig het om daarna te streef om die Tien Gebooue te onderhou nie (wat Christene weet wel moontlik is deur die inwoning van die Heilige Gees). Hulle glo dat dit Christene vry staan om ongehoorsaam te wees aan hul Redder – in effek keur hulle opstand teen God goed, net soos Satan doen! Onthou, soos die apostel Petrus geskryf het: "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God **ongehoorsaam is?**" (1 Petrus 4:17).

Die apostel Paulus het ook diegene gewaarsku wat ongehoorsaam is aan God se waarheid: "... maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtheid gehoorsaam is – grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek" (Romeine 2:8-9). Die Bybel leer ons duidelik gehoorsaamheid – aan die waarheid, die evangelie, die Tien Gebooue en aan God se geregtigheid. Vervalste

godsdiens is een van Satan se misleidings. Hy doen hom voor as 'n engel van die lig, maar lei miljoene mense weg van die ware lig van God se Woord.

### Satan werk op ons swakhede

Die duiwel probeer ook altyd om ons menslike natuur uit te buit – wat ydelheid, selfsugtigheid, gierigheid, hebsug en begeerlikheid is! Daar is 'n bouse invloed wat, soos die apostel Paulus dit noem "nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk". Paulus verduidelik dat, deur Christus, ons verlos kan word uit ons vorige deelname aan die begeerlikhede van ons menslike natuur. "En julle *het Hy lewend gemaak*, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander" (Efesiërs 2:1-3).

Ons behoort in staat te wees om ons swakhede en neigings om te sondig in ons menslike natuur te identifiseer. Dit is waarom ons 'n lewende Verlosser nodig het om ons te verlos van ons sondes van die verlede en aan ons die vermoë te skenk om die invloed van die

wêreld, van Satan en van ons eie menslike natuur, te oorwin!

Sommige Christene worstel teen hul onbeheerbare woede. Sommige wat te na gekom is, laat toe dat hul gevoelens oorgaan in bitterheid, hatigheid, toornigheid, vyandigheid en haat. Ons behoort kwaad te wees vir boosheid en die weë van Satan, maar mag nooit 'n ander mens haat nie. Ons behoort mense se slegte daade en houdings te verag, maar ons behoort selfs ons vyande lief te hê, soos Jesus ons in Mattheüs 5:44 geleer het.

Wees gewaarsku, Satan kan u beheer indien u nie u woede beheer nie. “Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie” (Efesiërs 4:26-27). Onbeheerste woede kan lei tot sataniese verbittering en enigeen wat voortdurend verteer word deur woede, sal uiteindelik eindig in die poel van vuur. Moet nie toelaat dat Satan sy sin kry met u nie. Leer om in vrede met ander mense te leef. Ons lees: “Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie” (Hebreërs 12:14-15).

Selfs Christene beleef soms moeilike tye en stres as gevolg van die seer en misbruik van die verlede. Hulle mag gevolglik nalatig raak en toelaat dat 'n

wortel van bitterheid in hulle posvat. Hulle wil vashou aan die pyn van die verlede en hul selfs verlustig in 'n soort van hoop vir wraak. Wat sê God egter? “Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here” (Romeine 12:19). God sal uiteindelik regverdige oordeel en straf uitdeel aan alle onboetvaardige sondaars. Christene behoort egter te leer om te vergewe! In Sy “raamwerk” van hoe om te bid, het Jesus ons geleer om vir God te vra: “... en vergeef ons ons skuldenaars vergewe” (Mattheüs 6:12). Bid u op daardie manier? Bid vir u vyande. Leer om te vergeet en te vergewe. U sal Satan dan dwarsboom en u sal nie toegee aan sy gesindheid van kwaadwilligheid en wraak nie!

### **Satan se lot en Christene se oorwinning!**

Ons het 'n paar van die duiwel se plannetjies bekyk en hoe om sy misleidings te vermy. Besef dat Satan se lot alreeds beklink is. Tydens die laaste oordeel sal al die bose mense in die poel van vuur vernietig word. Satan en sy demone sal ook in die poel van vuur gewerp word. “Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele” (Mattheüs 25:41).

Ons sien uit na die tyd wanneer al die boosheid verban sal wees van die aarde af. Ons

bid: “... laat u koninkryk kom”! Tot dan sal Satan en sy demone voortgaan om ons aan te val en om wie hulle ook al kan, te mislei. Wat kan u doen om hierdie bose mag te oorwin? Christene behoort die invloed van die wêreld, die mag van Satan en sy demone en hul eie menslike natuur te oorwin.

Eerstens benodig ons 'n noue verhouding met God die Vader en Jesus Christus. God sal ons teen boosheid beskerm. Die “raamwerk”-gebed leer ons om van God te vra: “... en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen” (Mattheüs 6:13).

God sal u beskerm en verlos van die bose indien u Hom smeek om verlossing – indien u in woord **en** daad die Koninkryk van God kies en die koninkryk van Satan verwerp. Soos Hy die apostel Jakobus geïnspireer het om te skryf: “Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader” (Jakobus 4:6-8).

God het hierdie belofte gemaak. Dit is nie nodig dat u toegee aan versoekings of gevoelens van terneergedruktheid of wanhoop nie. Weerstaan die duiwel! God sal aan u die krag gee. Gaan op u knieë en bid tot u Vader in die hemel. Bestudeer die Bybel –

God se geïnspireerde woord – en gehoorsaam die opdragte daarin. Toe Jesus gekonfronteer was deur Satan se versoekings, het Hy die duiwel beveg deur die Skrif aan te haal. Jesus het hierdie geestelike wapens gebruik. U behoort dit ook te doen!

Die apostel Paulus sê ons moet ten volle geestelik gewapen wees. “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons

worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly” (Efesiërs 6:10-13).

Wie is die duiwel? Hy is nóg 'n denkbeeldige figuur, nóg 'n strokiesprentkarakter in 'n rooi gewaad, met horings en 'n stert. Hy is nie 'n kreatuur waarmee mens “pret kan hê” op

Halloween nie. Die duiwel is u vyand en wil u graag vernietig. U kan hom ook oorwin indien u gebruik maak van die swaard van die Gees – die Woord van God – en indien u **leef** volgens daardie Woord. Die apostel Johannes het geskryf: “Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het” (1 Johannes 2:14). U kan gemoedsvrede hê. Handel volgens die woorde van u Bybel en met die hulp van u Verlosser kan u ook vir Satan oorwin! **WvM**

### Vervolg vanaf bladsy 19 – Die geheimenis van die verstand

as deel van God se skeppingsdaad. Vir diegene wat egter Christene word, word 'n selfs meer belangrike Gees by die vergelyking gevoeg. Na berou tot bekering en doop, ontvang Christene die Heilige Gees. Net soos die “gees in die mens” aan mense “verstandkrag” gee wat onbekend vir ander diere is, so gee die Heilige Gees aan Christene 'n geestelike krag wat ongekend vir ander mense is.

Deur met die menslike verstand binne in die fisiese liggaam te werk, gee die Heilige Gees aan elke Christen die vermoë om voor te berei om tydens die opstanding uit die dood, as 'n lid van die Gesin van God, in die ewige lewe ingebore te word.

Wanneer ons dit begin verstaan, word die geheimenis van die menslike verstand duidelik. Die verstand is nie slegs 'n “ontluikende eienskap” van 'n

fisiese brein, met vrye wil en gedagtes en slegs maar 'n illusie veroorsaak deur botsings en kombinasies van gedagtelose molekules en elektrone nie. **Nog minder** is die verstand 'n onsterflike en suiwer immateriële bestanddeel. Die menslike verstand is die gevolg van twee noodsaaklike komponente: Die fisiese menslike brein *en* die menslike gees wat direk deur God verleen word! *Dit* is die oplossing tot die geheim van die verstand! Dit is die produk van die goddelik bewerkte kombinasie van brein en gees.

Dit verduidelik waarom ons wonderlike verstande so afhanklik is van die toestand van ons fisiese breine, maar ook waarom ons fisiese breine *eenvoudig nie genoeg is* om die wonderlike menslike verstand voort te bring nie!

*Dit is waarom die dierewêreld – terwyl dit ons*

sekerlik kan verstom – *nog steeds ligjare agter die mensdom is* op die gebied van kreatiwiteit en kommunikasie en die vermoë om te redeneer en iets voor te stel. Anders as vir die meeste merkwaardige diere, het God die mens beplan vir 'n *kosmiese doel!*

Die fisiese brein en die gees in die mens wat deur God toebedeel is, smelt saam om die wonderlike menslike verstand te vorm. Dit is hierdie verstand, wat wanneer dit toegee aan die opdragte en sorg van 'n liefdevolle God, die krag het om te weet, na te volg en eendag die teenwoordigheid en geestelike werklikheid van ons Skepper te ervaar. Soos dit so dikwels die geval is, werp God se Woord die lig op geheime wat die wetenskap alleen eenvoudig nie kan verduidelik nie! **WvM**



# Londen Roep

## Draaipunte

Deur John Meakin

David Cameron en sy koalisie-deelgenote wat gedurende Mei 2010 ingestem is, het aan hulself 'n monumentale taak gestel, toe hulle die leisels oorgeneem het na 13 jaar van Arbeiders-regering. Wat is daardie taak? Hier is hoe Cameron dit beskryf het in 'n toespraak tydens 'n Julie 2008 tussenverkiesing in Glasgow, Skotland:

“Ons missie is om *ons gebroke samelewing te herstel* – om die wonde van armoede, misdaad, maatskaplike wanorde en verlies te heel wat stadig hierdie land vir heeltemal te veel mense 'n wrede, vreugdelose plek maak om in te leef ... Die draad wat dit alles saam verbind loop, ja, deur *verbrokkeling van die gesin*, afhanklikheid van welsyn, skuld, dwelms, armoede, swak polisiëring, onvoldoende behuising en agteruitgaande skole. Dit is egter 'n draad wat veel dieper gaan, namate ons 'n gemeenskap sien wat in die gevaar is om hul *sin van persoonlike verantwoordelikheid, maatskaplike verantwoordelikheid, algemene ordentlikheid en ja, selfs openbare sedelikheid te verloor*”.

Dit is moeilik genoeg om slegs net 'n nasie se ekonomiese sake aan te spreek. Cameron se noodbegroting wat

op 22 Junie voorgelê is, het moedige, maar nogtans pynlike planne uiteengesit om die ekonomie weer in balans te bring en met die ontsaglike groot skuld las te handel. Daar was vroeë tekens dat die Britse publiek hulle sal onderwerp en gewillig hul ondersteuning sal verleen, tot 'n vermenging van oordrewe streng besnoeiings in spandering en verhogings in belasting. Dit het gelyk of hierdie *sterk maatreëls die internasionale obligasie markte sou gerusstel en die gevaar dat Brittanje se kredietwaardigheid verlaag word, sou voorkom.*

Die huidige krisis strek egter baie dieper as blote finansies. Die ware wese en eenheid van die Britse gemeenskap is besig om te faal, vroeëre waardes en norme word verweer, geloof in God en die lewensweg wat Hy voorstaan (hoe onvolmaak dit ook al toegepas was) word geleidelik laat vaar. Verrotting het ingetree en *bewyse van sedelike verval is oral. In 'n wyer sin is die Britse samelewing alreeds verbrokkel!*

Sal die Eersteminister slaag in wat neerkom op 'n oproep tot 'n *nasionale sedelike kruistog wat gemik is op individuele verandering van karakter?* Sal die nasie op gepaste wyse reageer en sy voorbeeldige visie koop? Indien wel, waarheen kan hulle kyk vir inspirasie? Wel, die

omvang van Engeland se ekonomiese sorge was vergelyk met die donker dae van die Tweede Wêreldoorlog en die nasleep daarvan. In hierdie 70ste jaar sedert Brittanje se “donkerste uur”, laat ons dus daardie historiese gebeure in ag neem, sowel as die ooreenkomste en lesse wat dit vir ons vandag mag openbaar.

### Op die randjie

Terug in Mei-Junie 1940, het Brittanje gewankel op die randjie van uitwissing. Op 10 Mei – dieselfde dag as wat Winston Churchill Eersteminister geword het van 'n *alle-party koalisieregering* – het die Nazi's se leërmagte van Duitsland, hul blitzkrieg ontketen teen België, Luxemburg en die Nederlande. Gedurende die volgende maand het België, Holland en Frankryk vinnig na mekaar geval. In die Noorde van Frankryk is die Britse Ekspidisiemag teruggedryf tot by Calais en daarna tot by Dunkirk. Was dit nie vir Hitler se verstommende verposing in die vyandighede en die “wonderwerk van Dunkirk” nie, sou die Tweede Wêreldoorlog waarskynlik reeds tot 'n einde gekom het in Junie 1940, met Duitsland as die oorwinnaar!

Die werklike wanhoop van Brittanje se verknorsing in 1939

en 1940 het *lank geneem om ten volle en algemeen besef te word*. In nabetragting, kan ons sien dat daardie gevaarlike, onsekere dae van Mei-Junie 1940, die fulcra – *die draaipunt* – geword het van die koers wat die oorlog ingeslaan het. Historikus John Lukacs verwys na 28 Mei as die presiese oomblik van beslissing, toe Winston Churchill aangekondig het dat Engeland voort sal gaan om te veg, *maak nie saak wat gebeur nie*. Daar sal geen oorgawe, geen onderhandeling met Hitler wees nie. Op daardie dag het Churchill gesê: “Ons sal voortgaan en ons sal dit uitveg, hier of elders, en as hierdie lang eilandstorie van ons uiteindelik moet eindig, laat dit slegs eindig wanneer elkeen van ons op die grond lê en versmoor in sy eie bloed”.

Lukacs skryf dat draaipunte gesien kan word as “'n skielike verskuiwing van gebeure en ontwikkelings in 'n geveg of gedurende 'n rewolusie ... 'n Draaipunt mag voorkom in 'n persoon se gedagtes; dit mag 'n verandering van rigting beteken; dit dra gevolge wat *veelvuldig en voorspelbaar is*, gevolge wat meer as nie dikwels in nabetragting uitkenbaar is. 'n Draaipunt mag soms voorsienbaar wees, dog nie met sekerheid nie” (*Five Days in London: May 1940*, bl. 2).

### Sewentig jaar later

Sewentig jaar later, *presies op dieselfde dag*, het David Cameron sy eerste beleidstoespraak as

Eersteminister, op 28 Mei 2010 gelewer. Net soos Churchill voor hom, het hy sy verbintenis tot 'n oorlog wat baie mense dink nie gewen kan word nie, verklaar. Cameron veg egter teen 'n baie ander soort vyand. As sy eerste prioriteit het hy *die transformasie van 'n gebroke ekonomie* en die stryd om Brittanje se skuld las wat buite beheer is, in toom te hou, verklaar. Hy het gesê: “Brittanje staan by 'n draaipunt. Die beslissings wat ons nou neem sal *vir baie toekomstige dekades* met ons saamleef. Ons het vir baie jare die *verkeerde koers ingeslaan*”.

Cameron het 'n ambisieuse visie om Brittanje se ekonomie te herstel, uiteengesit, maar sy visie gaan baie verder as finansies. Hy beoog om welsyn te hervorm, oefen druk uit op maatskaplike vernuwing en “beywer hom aktief” vir baie meer betrokkenheid van die gemeenskap in nasionale en plaaslike sake. Die verandering wat Cameron beoog, sluit 'n *morele dimensie* in.

Cameron se “oorlog” mag nogtans baie moeiliker wees om te wen as Churchill s'n. Skuld en oorspandering mag lyk na die voor-die-handliggende vyand, maar dit is baie minder beperk en direk as vliegtuie, leërmagte, bomme en gewere. Hulle is ook simptome van iets baie meer diepliggend, *dit is die vyand van binne*, die stand van menslike natuur en die sedelike kompas wat elkeen van ons lei. Brittanje staan ongetwyfeld by 'n draaipunt, maar só doen elkeen van ons ook afsonderlik. Of die

land sal oorleef en sy vermoë weer sal opbou, sal nie slegs afhang van die leierskap in beheer nie, maar ook van die gesamentlike en effektiewe deelname van 'n samewerkende bevolking, *net soos in 1940*.

Daardie samewerking begin by elkeen van ons, soos ons met ons Skepper saamwerk. Sonder Hom kan geen blywende morele verandering plaasvind wat Brittanje in staat sal stel om uitgestorwe waardes en ideale weer te laat herleef nie. Onthou, “... die vrees van die HERE is wysheid (Job 28:28; Psalm 111:10; Spreuke 15:33) en kennis” (Spreuke 1:7). Die “vrees van die HERE” is iets wat ons aktief moet kies (Spreuke 1:29); dit is om “te haat wat sleg is, hoogmoed en trotsheid” (Spreuke 8:13); dit lei na 'n lang lewe (Spreuke 10:27, 19:23); dit lei na “sterk sekerheid” en “is 'n fontein van die lewe” (Spreuke 14:26-27); daardeur “wyk 'n mens af van die kwaad” (Spreuke 16:6); dit lei na “rykdom en eer en die lewe” (Spreuke 22:4). In sy artikel elders in hierdie uitgawe, vra Dr. Roderick C. Meredith die vraag: “Vrees U God?” U toekoms hang af van hoe u hierdie vraag beantwoord!

Vir Brittanje, om sy vervloë grootsheid terug te eis, behoort die bevolking te onthou: “Geregtigheid verhoog 'n volk” (Spreuke 14:34), en dat dit God is wat krag aan 'n volk gee om **r y k d o m t e v e r w e r f** (Deuteronomium 8:18; Spreuke 10:22). God Self daag elkeen van ons uit – rig aan elkeen van

ons 'n uitnodiging – om een van Sy mense te word en om Sy lewenswyse in hierdie wêreld te verteenwoordig. Hy het hierdie uitdaging gestel aan die Ou-

Testamentiese nasie van Israel (Eksodus 19:5-6) en dieselfde uitdaging lê voor Sy Nuwe-Testamentiese Kerk (1 Petrus 2:9-10).

As 'n nasie mag Brittanje hierdie uitdaging aanvaar of verwerp. Hoe sal *u*, as 'n individu, reageer? **WvM**

### **Vervolg vanaf bladsy 22 – Kies beleefdheid!**

voort op hierdie tema wanneer hy ook die verval van 'n selfsugtige en narsistiese [liefde vir die self] samelewing in die eindtyd voorspel: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloo, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af” (2 Timotheüs 3:1-5). Beskryf dit ons vandag?

Die slegte nuus is dat onbeleefdheid sal toeneem en erger sal word. Lesers wat die *Wêreld van Môre* reeds vir 'n lang tyd lees verstaan dat die moderne Israelitiese nasies geseënd was met materiële besittings, dit was ondenkbaar vir vervloë geslagte! Nogtans, as gevolg van ons sondes, sal God se seënige aan Abraham weggeneem word. Ongelukkig wag daar verwarring en chaos op ons, tensy ons individueel en nasionaal berou tot bekering het.

### **Doen aan ander ...**

Die essensie van beleefdheid is om te kies om selfbeheersing uit te oefen wat nodig is om die behoeftes van andere in ag te neem, ongeag hoe ons op die oomblik voel. Beleefdheid beteken om andere lief te hê omdat God ons so beveel en omdat ons vir hulle omgee. Die apostel Paulus het dit verduidelik in Filippense 2, verse 3-5: “Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was”. Beklee u uself met die denke van Christus? Leer u om nie net op u eie behoeftes te fokus nie, maar op die belange van ander?

Paul Meier, outeur van *Don't Let Jerks Get the Best of You*, skryf dat wanneer dit beleefdheid aangaan, kan die meeste mense verdeel word in verskeie kategorieë. Dit is die heel moeilikste om oor die weg te kom met daardie mense “wat dit werklik geniet om hul medemens te beheer, te misbruik en te

oorheers, sonder enige skuldgevoelens oor die pyn en lyding wat hulle veroorsaak”. 'n Ander groep wat net 'n bietjie beter is, is mense wat “doelbewus en opsetlik hul medemens manipuleer, beheer en misbruik. Terwyl hulle ook dikwels daarna skuldig voel, sal hulle dit weer doen”. Die laaste groep sluit die meeste mense in met wie ons daagliks te doen kry. Hulle is die “goeie ouens” wat “dit goed bedoel, probeer om eerlik en regverdig en oor die algemeen geloofwaardig te wees, maar wie tog 'n bietjie selfsugtig mag wees nou en dan en ander sal uitbuit sonder dat hulle dit sleg bedoel” (bl. 8).

Dink egter daaraan – hoeveel selfsugtigheid is in orde? Watter vlak van beleefdheid is ons gewillig om in ons lewens te aanvaar? Paulus het geskryf dat ware Christene daarna moet streef om te groei “totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus” (Efesiërs 4:13). Die probleem is in die laaste instansie nie die onbedagsame koper wat ons in die kruidenierswarewinkel uit die ry druk, of die bestuurder wat ons in die verkeer afsny nie, of

**Vervolg op bladsy 26**

# Die geheimenis van die verstand

Deur Wallace G. Smith

## Is die menslike verstand die uiteindelijke onbekende grens?

Die menslike ras het geheimenisse in blykbaar elke hoekie van die Skepping nagevors! Mans en vrouens met heldemoed om te pas by hul leergierigheid, het dit gewaag tot op die hoogste berge en in die diepste grotte. Wanneer ons nie self daarheen kon gaan nie, het ons toerusting gestuur om dit vir ons na te vors; dompelbare robotagtige outomate om die dieptes van die oseane te deursoek en ingewikkelde peilingsapparate die heelal ingestuur om tot in die verste vertes van ons sonnestelsel en verder, te deurvors.

Nogtans, selfs terwyl mense hul wonderlike verstande aanwend om die onbekende om ons te verstaan, bly daar moontlik een gebied, waarskynlik die geheimsinnigste van almal, oor: Die *menslike verstand self!*

In sekere opsigte het die wetenskap in die afgelope jare dit reggekry om meer van die fisiese brein te wete te kom as ooit tevore. Dele van die brein met betrekking tot die redenasie, gedagte en emosie – selfs morele oordeel – begin om sekere van hul geheime prys te gee.

Namate meer geleer word aangaande die menslike brein, bly die menslike *verstand selfs*

meer misterieus! Sommige van die wetenskaplike bevindings wat die brein en die verstand aangaan, lyk teenstrydig – verwys ook na 'n wonderlike komplekse fisiese struktuur, maar ook na iets wat *verder* strek as die fisiese: Verder as ons vermoë om te meet, te weeg of te tel.

Wat is dit omtrent die menslike verstand wat ons so merkwaardig anders maak as die diere om ons – in staat tot soveel meer? Wat is die antwoord op die geheimenis van die verstand?

### Kragtige verskille

Net soos baie ander kreature op planeet Aarde, het menslike wesens 'n *brein* – 'n ingewikkelde, fisiese orgaan wat ingestel is om die verskillende stelsels van die liggaam te beheer en wat 'n sentrale rol speel om die gedrag daarvan te beheer. Omdat mense hierdie eienskap met baie ander diere deel, is 'n algemene aanname dat die mens slegs maar 'n “ietwat meer gevorderde” dier is – een waarvan die brein 'n klein, maar noemenswaardige trappie verder gevorderd is as dié van mede-skepsels soos die sjimpansee of die dolfyn.

Nogtans, wanneer ons die

ontsaglike verstandelike krag van die mens vergelyk met die relatief arm vermoëns wat regdeur die diereryk gevind word, is die verskille verrassend! Ja, ons vind diere soos sjimpansees wat blare van takke afstroop om “werktuie” te maak, en ons mag verstom wees oor hoe Koko die gorilla geleer is om deur middel van eenvoudige gebaretaal te kommunikeer. Het ons egter al ooit gesien hoe 'n groep orangoetangs saamspan om 'n ruimtetuig te bou? Het ons al 'n dolfyn gesien wat 'n asemrowende argitektoniese projek kan ontwerp? Het 'n papegaai al ooit 'n passievolle sonnet gekomponeer wat die siel raak?

Ten spyte daarvan dat hul 'n brein het wat *fisies* baie soortgelyk is aan dié van party soogdiere, het mense al verbasende hoogtes en verstommende prestasies van visie, beplanning, kreatiwiteit en verbeelding bereik. Geen ander spesie het al eers naby daaraan gekom nie! Dus, wat maak die verskil?

Vir baie dekades het wetenskaplikes die menslike brein probeer ontleed, in die hoop om leidrade te vind tot die geheimenis van hoe ons brein ons maak wat ons is. Terwyl hulle daarmee besig was, het



hulle verrassende feite blootgelê wat 'n uitdaging mag wees vir baie mense se godsdienstige en filosofiese begrip.

### Die werklike fisiese brein

Die wetenskap het getoon dat daar 'n ware *fisiese* komponent verbonde is aan ons verstand – ons persoonlikheid en ons intellek. *Wie ons* as individue is, is baie nou verbonde aan die fisiese toestand, gesondheid en struktuur van ons breine en *verandering* aan daardie struktuur kan fundamentele veranderings aan die kern van ons persoonlikheid en selfs ons waardes meebring.

Dink byvoorbeeld aan moraliteit. Baie mense sou sê dat die moontlikheid om sedelike keuses te maak, om te oordeel tussen reg of verkeerd, een van die onderskeidende elemente van individuele identiteit is. Nogtans, deur eenvoudig 'n deel van die brein net bokant en agter die regteroor aan magnetiese impulse bloot te stel, was wetenskaplikes in staat om persone se vermoë om korrekte sedelike keuses te maak, te verander (*"Magnets Can Alter Moral Judgement by Changing Brain Activity"*, *Medical News Today*, 1 April 2010).

Eintlik weet wetenskaplikes al vir 'n tyd dat fisiese verandering aan die brein veranderings kan veroorsaak in hoe ons dink en optree en selfs aan ons basiese persoonlikheid. Dink aan die geval van 'n spoorwegwerker, Phineas

Gage, wat in die middel 1800's 'n traumatiese breinbesering opgedoen het toe 'n ontploffing 'n 5,9 kilogram ysterstaaf deur sy kopbeen gedryf het. Hoewel die projektiel 'n deel van sy brein uitgeskeur het, het hy dit nie net oorleef nie – hy het herstel! Nogtans het baie van sy vriende en bekendes getuig dat die Phineas Gage wat hulle geken het, in die woorde van sy dokter “niemeer Gage was nie” – dat sy persoonlikheid en sy karakter heeltemal en radikaal verander het (*"Recovery from the passage of an iron bar through the head"*, Dr. John Harlow, *Publ. of the Massachusetts Medical Society*, 1868).

Hoewel Gage een van die bekendste gevalle is, lyk dit of hy nie alleen is nie! Navorsers het opgemerk dat ernstige breinbeserings dikwels gepaard gaan met dramatiese veranderings in persoonlikheid, soos die toename van impulsiewe en aggressiewe gedrag en die verlies aan vorige inhibisies (*"Agitation, aggression, and disinhibition syndromes after traumatic brain injury"*, *NeuroRehabilitation*. 2002;17(4):297-310).

Dit lyk of sodanige bevindings duidelik toon dat baie van *wie ons is* – ons persoonlikheid, ons vermoë om morele keuses en oordele te maak – uitermate afhanklik is van ons fisiese brein. Dus, is die menslike *brein* al wat daar is ten opsigte van die menslike *verstand*?

Baie wetenskaplikes antwoord: “Ja!” Die meeste

navorsers in die neuro-wetenskaplike veld het tot die gevolgtrekking gekom dat ons hele individuele identiteit – ons voorkeure en afkeure, ons waardesistiem, ons persoonlikheid – heeltemal afhanklik is van fisiese samestellings van molekules en elektriese impulse in ons brein. Vir hulle is daar geen geheimenis van die verstand nie, want hulle gevolgtrekking is: **Daar is geen verstand nie!** Volgens hulle uitgangspunt is menslike denke, bewustheid, sedelike oordeel, vrye wil – alles wat ons die “verstand” noem – 'n illusie, voortgedryf deur 'n fisiese brein wat gedagtelos optree (nogal letterlik) volgens die wette van chemie en fisika en die toevallige kombinasies van chemiese stowwe in ons breinstof. Soos Jeffrey M. Schwartz, navorsing professor van psigiatrie aan die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles, geskryf het: “Dit is nie slegs dat die wil nie vry is in die moderne wetenskaplike oogpunt nie, nie slegs dat dit ingeperk is nie, 'n gevangene van materiële magte nie. Dit is, meer radikaal, dat die wil, 'n manifestering van die verstand, nie eens bestaan nie, want 'n verstand, onafhanklik van die brein, bestaan nie” (*The Mind and the Brain*, bl. 8). Hierdie idee – dat daar geen “verstand”, geen “vrye wil” is en niks werklik “geestelik” is omtrent die menslike bestaan nie – word *materialisme* genoem en is die oorheersende idee in hedendaagse navorsing.

## Daar steek meer in “verstand” as in “brein”

Die materialisme van die moderne wetenskap word egter toenemend uitgedaag deur *verdere* bevindings wat lyk of dit demonstreer dat die menslike verstand baie werklik is en dat dit op een of ander manier *baie meer* is as wat deur slegs die fisiese brein verduidelik kan word. Oor weeg die veelbesproke werk van die Britse neuroloog, John Lorber van Sheffield se Universiteit, wat waterhoofdigheid bestudeer het – 'n toestand waarin 'n groot deel van die brein *ontbreek* en die plek daarvan in die skedel met water gevul is. Indien dit in die vroeë kinderontwikkeling onbehandeld gelaat word, staar individue wat 'n waterhoof het, dikwels erge vertraging en voortydige dood in die gesig.

Lorber se navorsing het baie mense verras, omdat hy opsienbare gevalle bestudeer het van mense wat andersins normale lewens gelei het, ten spyte van die feit dat hulle bykans *heeltemal geen brein* gehad het nie. Een van die mees bekende gevalle behels 'n “sosiaal heeltemal normale” kollege student met 'n IK van 126, wat 'n eersteklas honneursgraad in wiskunde verwerf het. Nogtans het skanderings van hierdie merkwaardige jong man se skedel getoon dat hy *feitlik geen brein het* nie. Sy skedel is omtrent heeltemal gevul met harsingrugmurgvog, met slegs 'n dun lagie breinstof “van

omtrent 'n millimeter of so” (“*Is Your Brain Really Necessary?*”, *Science*, 12 Desember 1980, bl. 1232-4).

Indien die menslike verstand niks meer is as die menslike brein nie, hoe word sulke gevalle verduidelik?

Bykomend hiertoe begin wetenskaplike navorsing meer duidelik as ooit tevore demonstreer dat die menslike verstand en vrye wil nie slegs denkbeelde is wat deur die fisiese brein opgewek word nie. In sy skrywe in die *Wall Street Journal* (“*How Thinking Can Change the Brain*”, 19 Januarie 2007), beskryf outeur Sharon Begley neurologiese studies wat op Tibetaanse Boedhiste monnike uitgevoer is by die Universiteit van Wisconsin. Werk met daardie monnike het aangedui dat die *struktuur* van die brein, oor 'n tydperk, verander kan word slegs deur die *aksie van dink!*

Die uitgangspunt van die algemene materialistiese wêreld beweer dat dit onmoontlik is, omdat die “verstand” veronderstel is om slegs die *gevolg* en die fisiese brein die *oorsaak* te wees. Navorsing demonstreer egter dat die omgekeerde ook die geval kan wees. Verre daarvandaan dat die brein die verstand skep, ontdek wetenskaplikes dat verstand die brein kan verander – dit is 'n “tweeringtingstraat”!

Dus, presies wat gaan hier aan? Kom al hierdie verskillende *wetenskaplikes* tot onverenigbare gevolgtrekkings? Wat is die verwantskap tussen

die verstand en die brein? Dit mag baie moderne lesers verras om te leer dat die ontbrekende dimensie in hierdie bespreking te vinde is in 'n antieke bron van kennis: Die Bybel! God se Woord openbaar die waarheid oor die geheimenis van die menslike verstand – 'n waarheid wat strook met die bevindings van die wetenskap, wanneer dit reg verstaan word, en verwys ons na 'n dieper, ontsagwekkende waarheid wat die wetenskap alleen nooit kon ontdek nie!

## Die mensdom: iets meer

In die boek Genesis openbaar God dat Hy mense gemaak het uit die stof van die aarde (Genesis 2:7). Net soos die ander lewende wesens in ons wêreld, is die mensdom 'n deel van God se skepping. Anders as God en Sy engele in die geestelike sfeer, is menslike wesens fisiese wesens, onderworpe aan dood (Genesis 2:17, 3:19).

Mense sien die wêreld deur fisiese oë wat fisiese lig versamel en dit fokus op die fisiese retinas in ons twee oë. Elektriese seine trek dan na die brein, waar hulle registreer dat iets gesien is. Net so, as mense, hoor ons die wêreld deur fisiese ore, voel ons deur fisiese aanraking en ruik ons deur 'n fisiese neus. Die brein versamel, kanaliseer, verwerk en beheer al hierdie inkomende sintuiglike inligting.

Die verstand behels egter veel meer as die versameling

van fisiese data! Indien die mens niks meer gehad het as die fisiese brein nie, sou mense nie verskil het van diere – wat reageer op stimulasie, die versorging van fisiese behoeftes en funksioneer op die mees aardse vlakke – nie.

God beoog egter baie **meer** vir die mensdom dan lewe op “aardse vlakke”. Wanneer Hy die skepping van diere beskryf, lees ons: “En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was” (Genesis 1:25).

Dus, is mense slegs maar 'n “mens-soort”? Nee! Wanneer dit die skepping van die *mensdom* aangaan, vertel God 'n baie anderste storie! “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape” (Genesis 1:26-27).

Anders as die diere – waarvan elkeen volgens sy eie soort dier gemaak is – verklaar die Bybel reguit dat mense gemaak is volgens die **God**-soort! Van die begin af het God beoog dat mense *soos Hyself* sou wees! Wanneer Sy hele, wonderlike plan ten volle verstaan word, sien ons dat God

mense gemaak het vir die doel om Sy heilige en regverdige karakter te ontwikkel, totdat hulle nie slegs na die uiterlike soos God lyk nie, maar ook Sy karakter van binne af sal uitstraal! God se plan is om mense te verander van hul fisiese, sterflike bestaan tot 'n ewige geestelike bestaan (1 Korinthiërs 15:50-55)! Om meer oor God se **ontsagwekkende** doel vir u en my te leer, bestel gerus u gratis kopie van ons inspirerende boekie: *U uiteindelige lotsbestemming*.

As deel van Sy plan vir die mensdom, het God 'n bykomende element bygevoeg tot die menslike bestaan, wat saam met die menslike brein werk om mans en vrouens soveel meer te maak as die diere wat hul andersins sou wees. Hierdie element word die “gees in die mens” genoem. Gekombineerd met die fisiese brein, verleen dit aan mense 'n kragtige verstand, wat hom toelaat om dinge te bereik ver bo die eenvoudige instink van selfs die briljantste dolfyne of sjimpansees.

Ons lees omtrent hierdie gees in die Skrif. Soos Elíhu aan die aartsvader Job gesê het: “Maar dit is die *Gees in die mens* en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak” (Job 32:8). Inderdaad, dit is die gees in die mens wat aan hom kennis en begrip verleen: “Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?” (1 Korinthiërs 2:11). Dit is nie 'n

onsterflike siel nie; dit is 'n noodsaaklike Godgegewe element van die sterflike *menslike verstand*, wat van mans en vrouens maak wie en wat hulle is!

### Sleutel tot die Opstanding!

Die Skrif verduidelik dat wanneer mense sterf, dan is dit hierdie gees in die mens – nie 'n onsterflike siel nie, maar liewer die Godgegewe element van ons menslike identiteit – wat God herwin. Ons lees: “... en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en *die gees na God terugkeer wat dit gegee het*” (Prediker 12:7). Wanneer ons dood is, keer ons fisiese liggame terug na die aarde waaruit dit geneem was, maar ons “identiteit” – die “gees in die mens” wat die rekord bevat van ons karakter en ondervinding – keer terug na God in afwagting op die opstanding.

Het “die gees in die mens” enige bewussyn nadat ons gesterf het? **Nee!** Die Skrif **openbaar** duidelik dat wanneer mense sterf, ons van niks bewus is tot die opstanding uit die dood nie (Prediker 3:18-21, 9:5). Ons lees van diegene wat “in Jesus o n t s l a a p h e t” (1 Thessalonicense 4:14). Die Skrif beskryf herhaaldelik die dood nie as 'n liggaamlose bewustelike staat nie, maar liewer as 'n “slaap” sonder bewustheid (Johannes 11:11; 1 Korinthiërs 11:30).

Elke menslike wese ontvang die “gees in die mens”

# Kies beleefdheid!

Deur Rod McNair

## Kan u 'n verskil maak in 'n wêreld wat onbeskof geraak het?

Die agt-en-sewentigjarige Angel Arce Torres het maar net probeer om 'n besige straat oor te steek in Hartford, Connecticut, toe hy getref is deur 'n motor wat oor die middelgelyk gery het. Erg beseer, het hy vir 'n hele paar minute op die sypaadjie gelê waar 'n straatlig se waarnemingskamera sy benarde toestand op film vasgelê het. Motor na motor het by die gewonde man verbygery en voetgangers het verbygeloop sonder om hulp te verleen.

Volgens 'n polisieverslag was Torres vir 'n hele paar minute alleen gelaat, totdat hy opgemerk was deur 'n polisiebeampte wat op 'n ander oproep reageer het. Die polisie het gereël dat 'n ambulans Torres na Hartford hospitaal neem, waar dokters gevind het dat hy van die nek af ondertoe verlam was.

Die *Hartford Courant* het hierdie tragiese storie publiseer met 'n skreeuende opskrif: “SO INHUMANE” [so onmenslik] en het die plaaslike polisiehoof aangehaal waar hy sê: “Ons het nie langer 'n morele kompas nie” (“*Hartford missing 'moral compass'?*”, *Associated Press*, 6 Junie 2008).

Daar is uiteindelik ontdek dat vier verbygangers wel 911 gebel het om die tragedie aan te meld, terwyl hulle verder gehaas het. In elk geval, waarom het dit so lank geneem voordat iemand gepraat het – en waarom het Torres geen

hulp ontvang vir verskeie minute totdat die polisie opgedaag het nie?

Het iets verskriklik verkeerd gegaan in ons samelewing wanneer – vir watter rede ookal – mense “nie betrokke wil raak” nie en teësinnig – selfs onwillig – is om hulself te verwerdig om andere in nood te help?

Torres het op 11 Mei 2009 gesterf, byna 'n jaar na die tref-en-trap ongeluk. Vir die inwoners van Hartford – en vir baie ander mense wat bekommerd is oor die verval van ordentlikheid en beleefdheid in ons moderne samelewing – bly hy nogtans 'n kragtige simbool van 'n wêreld wat verkeerd gegaan het.

### 'n Growwe samelewing?

Anders as wat met Angel Torres gebeur het, is die meeste gevalle van gevoelloosheid nie sake van lewe en dood nie. 'n Mens hoef egter nie baie ver te soek om te vind dat daardie selfde gesindheid algemeen is in ons moderne wêreld nie. Mense is deesdae nie slegs minder gewillig om mekaar te help nie, hulle is dikwels nie eens gewillig om mekaar met algemene ordentlikheid te behandel nie. Kyk na die groeiende verskynsel van “padwoede”. Kyk hoe winskopie-jagters mekaar in die tou stamp en stoot voordat 'n uitverkoping begin. Kyk met watter gemak “kuber-afknouery”

ontstoke mense toelaat om oor die Internet hul woede vir mekaar uit te stort.

Outeur Stephen L. Carter het baie Amerikaners se gevoelens opgesom in sy boek: *Civility, Manners, Morals and the Etiquette of Democracy*: “**Alhoewel ons Amerikaners nog altyd gedink het dat beleefdheid besig is om te verdwyn, dink ek, hierdie keer mag ons reg wees**”, (bl. xi).

Nogtans, ten spyte van die media se stereotipes van die “lelike Amerikaner”, is die gebrek aan beleefdheid 'n internasionale probleem. In Junie 2002 het die owerheid van die staat Victoria, Australië, ingegryp om reëls vas te lê vir ouers van junior sport spanlede, in antwoord op wat die pers die “lelike ouer sindroom” genoem het. Die regering se optrede was die gevolg van 'n “toenemende gebruik van vuil taal en selfs fisiese aggressie wat openbaar is deur ouers wat toeskouers is wanneer hul kinders aan junior sport-aangeleentheid deelneem” (“*Why Civility Matters*”, *Centre for Independent Studies Policy*, Nicole Billante and Peter Saunders, vol. 18, no. 3, bl. 35, Lente 2002).

In 2009 het outeurs Alessandra Buonfino en Geoff Mulgan, *Civility Lost and Found*, uitgegee waarin hulle die groeiende growwigheid van die Britse samelewing uiteengesit



het. Hulle merk op: “'n Onlangse ITV-opname het tot die gevolgtrekking gekom dat Brittanje 'meer onbeskof raak', en byna 90% van die respondente is oortuig daarvan dat goeie maniere versleg het. Antisosiale gedrag het 'n prominente saak van openbare besorgdheid geword deur die laaste dekade en Brittanje is nou, volgens berig word, die slegste land sover dit padwoede aangaan in die Europese Unie” (bl.12).

Selfs Kanada, 'n land bekend vir beleefdheid, is aangetas. 'n Kanadese statistiese opname van 11,000 Kanadese het bevind dat een uit elke vier mense bekommerd is oor die bewyse van “on-beleefdheid”, of tekens van potensiële misdaad, in hul samelewing (*CBC News*, 15 Julie 2008).

In antwoord op hierdie kwellende verskynsel gaan meer en meer stemme op wat 'n oproep doen vir hernuwing van beleefdheid in ons persoonlike en openbare lewens. Webtuis-tes soos *collapseofcivility.org* en *civilityproject.org* kom te voorskyn. Konvensie-beplanning en openbare betrekkinge assosiasies plaas meer klem op beleefdheid en respek tussen kollegas en kliënte. Die *Civility Initiative* wat in 2000 gestig is deur Johns Hopkins se professor Dr. P. M. Forni, was ingestel met die doel om “die belangrikheid van beleefdheid, goeie maniere en hoflikheid in ons hedendaagse samelewing te bepaal”.

Waarlik, groepe reg oor die wêreld het met programme begin om die gety van onbeleefdheid om te swaai. “Dit wissel van studentebewegings wat plaaslike goedhartigheid in Japan bevorder, tot die regering-befondsde Wêreld Goedhartigheidsbeweging in Singapoer wat 'n Wêreld Goedhartigheidsdag in November voorstaan en 'n veldtog wat goeie maniere voorstel vir elke situasie. Die Suid-Koreaanse Helder Glimlagbeweging bevorder die belangrikheid van glimlag en uitdeling van glimlagte deur middel van programme in skole en plaaslike gemeenskappe, terwyl die Goedheid Offensief in Londen se Wes-Hampstead, deur die werk van vrywilligers, klein en groot willekeurige dade van goedhartigheid teenoor vreemdelinge uitvoer” (Buonfino, bl. 30).

Eerlikwaar, baie mense voel aan dat iets verkeerd is en is besorgd dat onbeleefdheid reggestel moet word. Die vraag is: **Hoe?**

### Die “Goeie Ou Dae”?

Baie van die ouer geslag dink dat hulle graag sal wil terugkeer na 'n eenvoudiger, sagmoediger tyd uit die verlede. Studies maak dit egter duidelik dat onbeleefdheid nie net een geslag van 'n ander skei nie, of 'n probleem van jonger mense is nie. In *How Rude! The Teenagers Guide to Good Manners*, het Alex J. Packer geskryf: “93% Van die tieners wat ons in 'n opname ondervra

het aangaande goeie maniere, vereenselwig hulle met die opmerking: 'Dit is belangrik om goeie maniere te handhaaf” (bl. 4). Party jong mense is uitdagend en verwerp die *slegte* voorbeeld van hul voorsate. In 2003 het 'n groep jong leiers in die Duluth, Minnesota/Superior, Wisconsin area, Dr. P. M. Forni se boek, *Choosing Civility* geneem en die “*Speak Your Peace*” projek gestig wat op die uitgangspunt daarvan gegrond is. Dit was 'n gesamentlike poging om plaaslike leiers in die stadsraad en distrikskommissie te oorreed om die bespotlike skreeuende woorderstryd by hul ver-gaderings testaak.

Nie elkeen glo dat die samelewing voorheen meer beleefd was nie. “Daar is min ooreenstemming oor die basiese feite op die vraag of die Britse samelewing werklik meer of minder beleefd is as in die verlede. Ons weet dat moordsyfers baie laer is as in die verlede, en dat dit ook lyk of daar baie minder onverskillige geweld is. Oor die algemeen was Brittanje, selfs in die veronderstelde goedgemanierde tye in die verlede (byvoorbeeld die 1950's) minder geordend en meer gewelddadig as nou, of dit nou vir straatgevegte of kindermoorde geld” (Buonfino, bl. 14).

Baie mense betreur deesdae die bitsigheid in Amerikaanse politiek, en met goeie rede. Nogtans toon 'n eerlike evaluasie dat politiek nog altyd besoedel was met onbeleefdheid. Byna 150 jaar

gelede het die Amerikaanse kongresman, Preston S. Brooks van Suid-Carolina, Senator Charles Sumner van Massachusetts wreed met 'n kerie toegetakel en hom bewusteloos geslaan as gevolg van twee toesprake wat Sumner, 'n Republikeinse afskaffer, gelewer het. Net vyf jaar later het die bloedigste oorlog wat nog ooit op Amerikaanse grondgebied plaasgevind het, uitgebreek, die baie "onbeleefde" Amerikaanse Burgeroorlog, met 600,000 gesneuweldes. Kan enige geslag daarop aanspraak maak om die finale antwoord op die kwessie van "beleefdheid" te hê?

### So oud soos die mensdom?

Onbeleefdheid is nie 'n probleem van die jeug nie, nog minder is dit beperk tot een geslag. Dit kan eintlik teruggespoor word na die Tuin van Eden – waar Adam en Eva, deur te sondig, hulle Skepper se aanbod van 'n innige, liefdevolle verhouding gebaseer op vertroue en wedersydse respek, verwerp het. Let ook op die gedrag van hulle seuns, Kain en Abel. Elkeen het 'n offer aan God gebring, maar Kain het kwaad geword toe God sy offer verwerp het. "En die HERE sê vir Kain: Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang?" (Genesis 4:6). Met moord in sy hart het hy na sy broer gegaan, hom woedend aangeval en doodgeslaan (Genesis 4:8).

Uiteindelik het God gesien "dat die boosheid van die mens

op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was" (Genesis 6:5). God het die ou, bouse beskawing in die Sondvloed vernietig, en geslagte later het Hy die aartsvader Abraham en sy kinders geroep om van voor af met Hom te wandel. Nogtans, selfs in die huisgesin van Abraham se kleinseun Jakob, toon die Skrif dat onbeleefdheid weer sy aaklige kop uitgesteek het. Wrokkigheid teenoor Josef – Jakob se gunsteling – het gegroei en 'n kanker geword in die denke van sommige van sy broers, totdat "hulle hom gehaat [het] en kon nie vriendelik met hom praat nie" (Genesis 37:4). Hulle harde woorde het verander in dreigemente van geweld – tot die skokkende misdaad deur hul eie broer as slaaf te verkoop.

Selfs toe die einste Seun van God na die aarde gekom het om in Sy skepping te woon en te wandel, was Hy mishandel en uitgelag (Lukas 8:53). Teen die einde van Sy bediening is Hy gevange geneem en voor die Hoëpriester gebring. "En sommige het begin om op Hom te spuug en sy aangesig toe te maak en Hom met die vuis te slaan en vir Hom te sê: Profeteer! En die dienaars het Hom met stokke geslaan" (Markus 14:65). Selfs terwyl die Seun van God sterwend aan die kruis gehang het, het party mense Hom nog gelaster en gespot (Mattheüs 27:39, 41). Waarom het die Seun van God so 'n uitermatige onbeskoftheid

teenoor Hom verdra? Sodat ons 'n Redder mag hê, vergewe kan word en dan *self ware, goddelike beleefdheid kan aanleer*.

### Lê daar meer voor?

Historici toon aan dat die verval van elke groot beskawing gepaardgegaan het met 'n *verlies aan beleefdheid*. "Versleggende sedes, onbeleefdheid en swak gedrag was in antieke Griekeland en Rome gesien as die beslissende faktore vir die verval van beskawings. In die 1700's het Edward Wortley Montagu in sy *Reflections on the Rise and Fall of the Ancient Republics*, bespiegel dat die 'hoofboorsake van die [verval van die antieke Griekse en Romeinse beskawings] verslegting van maniere was, wat daardie eens brawe en vrye volke laat verval het in die mees veragtelike slawerny" (Buonfino, bl. 17).

Bybelse profesieë waarsku dat nog meer onbeleefdheid voorlê. Jesus Christus het voorspel dat in die jare net voor Sy Wederkoms mense mekaar sal verraai en ware volgelinge van God sal vervolgt. "En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat ... En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel" (Mattheüs 24:10, 12). Namate enige beskawing sy rug op God en Sy Woord draai – die enigste ware riglyn vir regte beleefdheid – brei die mens se wreedheid teenoor die mens net uit.

Die apostel Paulus bou  
**Vervolg op bladsy 15**

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Wat is die betekenis van Jesus se doop? In Mattheüs 3:16 lees ons dat toe Johannes Jesus gedoop het, die Heilige Gees “soos 'n duif” neergedaal en op Hom gerus het. Is dit toe die menslike Jesus Christus die eerste keer die inwoning van die Heilige Gees ontvang het?

**ANTWOORD:** Hierdie wanbegrip aangaande Jesus se doop is baie algemeen, en word algemeen uitgespreek deur diegene wat glo in die valse leerstelling van “aanneming” en hulle aanvaar dat Jesus nie die Seun van God was voor Sy doop nie. Hulle wil ook Jesus Christus se voorafbestaande ewige teenwoordigheid in die Godheid ontken of verkleineer.

Jesus Christus het bestaan as die Logos – die “Woord” – vanaf die heel begin (Johannes 1:1). Nogtans het hierdie selfde goddelike wese “in die vlees” na die aarde gekom – die Skrif beskou die idee dat Jesus nie ten volle mens was nie, as “Antichristelik” (1 Johannes 4:3; 1 Timotheüs 3:16). Die Skrif het dit ook baie duidelik gemaak dat Jesus Christus na die aarde sou kom as Emmánuel – “God met ons” (Jesaja 7:14; Mattheüs 1:23).

Hoe kon Jesus 'n menslike wese gewees het wat gekom het om gedoop te word, maar nogtans ook “God met ons” gewees het? As ons hierdie twee feite met mekaar kan versoen sal dit ons nie slegs help om te verstaan hoe en wanneer en waarom Jesus Christus die Heilige Gees ontvang het nie; dit sal ons selfs help om iets van Sy aard te verstaan – 'n onderwerp wat dikwels verkeerd verstaan word deur “hoofstroom Christelikheid”.

Uit die Skrif weet ons dat Jesus uit 'n maagd gebore is en dat Hy verwek was deur die Heilige Gees (Jesaja 7:14; Mattheüs 1:20). Nogtans – alhoewel die Logos God was – in wat bekend staan as Sy *kenosis* (Grieks vir “ontleding”) het Hy vrywillig Sy Godheid prysgegee, Homself ontledig van Goddelikheid om 'n mens te word (Filippense 2:5-7). Ja, toe Jesus Christus 'n mens was, was Hy werklik 'n mens en toe Hy gesterf het, het Hy drie dae en drie nagte in die graf deurgebring voordat Sy Vader Hom uit die dood opgewek het tot die ewige lewe.

Onthou dat Jesus, regdeur Sy bediening, dit herhaaldelik duidelik gemaak het dat Sy Vader groter was as Hy (Johannes 14:28). Christus het nie daarop aanspraak gemaak dat Hy wonderwerke verrig, of dat Hy Sy leerstellings, op Sy eie gesag, aanbied nie; Hy het eerder duidelik verwys na Sy Vader as die bron: “Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek

nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke” (Johannes 14:10). Die Skrif toon dat daar soms beperkings was op wat die menslike Jesus Christus kon vermag wanneer Hy te staan gekom het voor ongelowiges wat Hom slegs geken het as die timmerman, Maria se seun. Let op hierdie weergawe van Sy besoek aan Nasaret: “En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het” (Markus 6:5).

Vir 'n tyd lank voordat Jesus se bediening begin het, was daar 'n ander kragtige bediening in swang in Judea, gelei deur Johannes “die Doper”. Die Skrif openbaar aan ons dat ses maande voordat Maria gewet het dat sy swanger was met Jesus, die engel Gabriël aan Johannes se vader, Sagaria, verskyn het en aangaande Johannes – Jesus se neef – profeteer het: “Hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af” (Lukas 1:15). Johannes se roeping sou wees om die weg vir Jesus se bediening voor te berei.

Net so terloops, ons sien hieruit dat God, selfs nog voor Jesus se geboorte, die Heilige Gees gegee het aan 'n baie beperkte getal individue met wie Hy op 'n spesiale manier gewerk het om Sy plan op aarde ten uitvoer te bring. Antieke Koning Dawid is nog so 'n voorbeeld; hy het tot sy Here gebid: “Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie” (Psalm 51:13).

Anders as vandag se Christene wat verwek word deur die Heilige Gees ná berou tot bekering en waterdoop, het Jesus Christus – wie geen sonde gehad het waarvan Hy Hom moes bekeer nie – die inwonende Heilige Gees ontvang op die oomblik van verwekking. Hy was Emmánuel – God met ons, God in die vlees. In oormaat gevul deur die Heilige Gees (Johannes 3:34), het Hy selfs van voor die begin van Sy bediening af, 'n volmaakte, heilige en regverdige lewe gelei. Johannes het slegs met water gedoop, maar tydens Jesus se doop, wat die voorbeeld gestel het vir almal wat gevolg het, het God 'n teken gegee – die Gees wat “soos 'n duif” neergedaal het – wat aandui dat Jesus se volgelinge nie net met water gedoop sou word nie, maar met die Heilige Gees. Dit is die betekenis van Jesus se doop deur Johannes. **WVW**

# Profesie neem

## Die dogter van Babel?

Vir diegene met oë om te sien, die *ware betekenis* van die sogenaamde “geheimsinnige” profesieë in die boeke van Jesaja en Openbaring is besig om *in fokus te kom* – ten spyte van wydverspreide pogings om die ware bedoeling van die Skrif te verberg. Gebeure wat vandag nuus is, tesame met die opgetekende geskiedenis, wys duidelik dat baie lankoordekte Bybelse profesieë vandag reg voor ons oë *besig is om gestalte aan te neem!*

Die apostel Johannes het byna 2,000 jaar gelede in 'n visie 'n reeks profeties-belangrike gebeure gesien wat sal plaasvind aan die einde van hierdie tydperk, net voor Jesus Christus se wederkoms na die aarde. Johannes het in Openbaring 17:1-6 'n weelderig geklede vrou wat op 'n skarlakenrooi dier ry beskryf. Hierdie vrou het intieme verhoudings met regeerders van die wêreld gehad en het die wêreld beïnvloed met haar leringe. Johannes boekstaaf die vrou se naam as “Verborgenskap, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde”. Jesaja het sewehonderd jaar vroeër profesieë opgeteken aangaande 'n vrou wat hy die “dogter van Babel” en “gebiedster van die koninkryke” genoem het (sien Jesaja 47). Hy beeld hierdie vrou uit as iemand wat oordrewe en omvattende aansprake maak: “Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd ... Dit is ek en niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid kenne”.

Presies **wie** is dan hierdie geheimsinnige, weelderig geklede vrou wat in hierdie profesieë uitgebeeld word, en waarom word sy verbind met die antieke stad van Babel? Watter rol het sy in die geskiedenis gespeel, en watter rol *gaan sy* op die wêreldverhoog *speel* namate die einde van die tydperk nader?

### Vervulde profesieë

Wanneer Bybelse profesieë 'n “vrou” beskryf, is die verwysing dikwels na 'n *kerk* of 'n *godsdiensstige stelsel*. Die vrou wat in Openbaring 12:1 genoem word is die ware Kerk van God. Dit lyk ook of Johannes in 2 Johannes 1 na die Kerk as 'n vrou verwys (sien ook 2 Korinthiërs 11:2 en Efesiërs 5:25-27).

Kyk egter ook na 'n ander vrou wat in Openbaring 17:1-6 beskryf word. Hierdie vrou, oordadig geklee in pers en skarlakenrooi, goud en edelgesteentes, is 'n godsdiensstige organisasie of stelsel wat die wêreld beïnvloed het met haar leringe. Hierdie magtige instelling het ook intieme verhoudings gehandhaaf met die politieke leiers van die wêreld. Jesus Christus noem Sy ware Kerk 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32), in teenstelling met die grootte en mag van hierdie “vrou” van Openbaring 17.

Is daar 'n kerk wat geskille tussen regerende konings besleg het – en selfs konings bevorder of onttron het? Is daar 'n kerk wat haarself die reg toegeëien het om die aardbol te

verdeel onder verskillende eksplorerende nasies? Is daar 'n kerk wat selfs vandag nog 'n uitgebreide diplomatieke korps handhaaf en aktief deelneem aan onderhandelings tussen strydende nasies? Dit is miskien geen verrassing nie dat vir baie eeue, Bybelgeleerdes oor die algemeen die vrou in Openbaring 17 geïdentifiseer het as die Rooms-Katolieke Kerk.

Let op die name wat die Skrif aan hierdie vrou gee. “Die groot Babilon” en “dogter van Babel” sinspeel daarop dat baie van hierdie organisasie se godsdiensstige leringe teruggevoer kan word na antieke heidense Babilon. Inderdaad, van die idee van 'n soewereine Pous, tot die verering van Moeder en Kind, tot die aanbidding van 'n nuut gebore god op 25 Desember, tot die wyd verspreide gebruik van standbeelde in aanbidding, tot die eerbiediging van 'n “heilige hart” – oor en oor vind ons ooreenkomste tussen Babiloniese en ander antieke heidense leringe en die rituele en geloofsbedenisse van die Roomse kerk (sien Hislop, *The Two Babylons*). Ten spyte van so baie praktyke wat van nie-Christelike aanbidding oorgeneem is, maak hierdie kerk daarop aanspraak dat hul alleen die geldige “apostoliese opvolging” hou van Jesus Christus. Alhoewel selfs eerlike Katolieke teoloë toegee dat hierdie aanspraak *nie bevestig kan word nie*, en dat die mees aangehaalde “bewys” om hierdie aansprake te ondersteun, te vinde is in



# gestalte aan

vervalste dokumente (sien Kung, *The Catholic Church*, bl. 30-31). Historiese bronne wys duidelik dat aansprake van universele oppergesag van die Biskop van Rome uitgevaardig is deur ambisieuse mans wat hulself wou verhef bo leiers in Antiochië, Alexandria, Jerusalem en Konstantinopel (Kung, bl. 45-52).

Die verwysing na die skarlakenrooi vrou as “**die moeder van die hoere**” is beide 'n verleentheid en leersaam wanneer dit in 'n historiese konteks geplaas word. Gedurende die “Protestantse Hervorming”, het baie nuwe kerke uit die Roomse kerk gekom uit “protes” teen verskeie leringe en praktyke. Die idee van 'n oppermagtige pousdom was verwerp, tesame met idees oor aflaatbriewe, vagevuur, gebede aan en vir die dooies, en baie ander leringe wat nie in die Skrif te vinde is nie. As ons egter objektief na die saak kyk, moet ons erken dat hierdie kerke baie ander nie-Bybelse doktrines en praktyke behou het (bv. die viering van Kersfees en die verandering van die Sabbat na Sondag) wat hulle oorsprong in Rome het. Die verhouding tussen die Roomse kerk en die Protestantse kerke is soos dié van moeder en dogter. Dit is hoekom die skarlakenrooi vrou ook genoem word die “**moeder ... van die gruwels van die aarde**” – haar korrupte, nie-Bybelse godsdienstige leringe is oorgeneem [uit die heidendom] en het die godsdienste van die wêreld beïnvloed!

Die profesieë in Openbaring 17 verwys na hierdie weelderig

geklede vrou wat ry op 'n dier met sewe koppe en tien horings. Die sewe koppe is sewe *herlewings* van 'n politieke stelsel wat verbind is aan die antieke Romeinse Ryk. Die tien horings is tien konings of politieke leiers wat hulle mag sal gee (hulle onafhanklikheid sal oorgee) aan 'n oorheersende politieke leier wat, aan die einde van die tydvak, na vore gaan kom om 'n herlewing van hierdie “Romeinse” stelsel te lei in sentraal Europa. Die vrou wat op die dier ry stel 'n invloedryke godsdienstige leier voor wat hierdie politieke stelsel bevorder en lei. Dit is geen geheim dat die Roomse pouse die keisers van die Heilige Romeinse Ryk gekroon het nie, en dat hedendaagse pouse die opkoms van dit wat die Europese Unie geword het, bevorder het nie. Bybelprofesieë waarsku dat aan die einde van hierdie tydvak, Satan 'n politieke leier gaan bemagtig en beïnvloed wat 'n verenigde tien-nasie Europese staat gaan oorheers en wat bygestaan gaan word deur 'n Babiloniese godsdienstige leier van wêreld-formaat (sien Openbaring 13).

## Die Dae wat voorlê

Afgesien van onlangse skandale waarby geestelikes betrokke is ten opsigte van seksuele misbruik van jong kinders en tieners, maak die Rooms-Katolieke Kerk inbreuk tussen die lidmate van ander kerke wat hulle eie probleme ondervind het. Pous Benedict XVI het onlangs uitgereik na Anglikane wat ongelukkig voel

oor hulle kerk se liberalisering, deur hulle toe te laat om baie van hulle tradisionele liturgieë en gebruike te behou as hulle hul bekeer tot Rooms-Katolisisme.

Daar word verwag dat Benedict se beplande September 2010 besoek aan Engeland polemieë gaan veroorsaak en die Anglikaanse gemeenskap moontlik verder gaan destabiliseer. Waarnemers verwag dat hy gedurende hierdie besoek Kardinaal John Henry Newman tot 'n Rooms-Katolieke heilige gaan verklaar. Newman, 'n intellektuele 19de eeuse Anglikaanse geestelike wat hom tot Rooms-Katolisisme bekeer het, word deur baie gesien as 'n simbool van Benedict se begeerte dat meer Anglikane die “Tiber sal oorsteek” en by die Roomse kerk sal aansluit.

Pous Benedict streef ook aktief die ekumeniese pogings na om met die Oosterse Ortodokse kerke te herenig, wat amper duisend jaar gelede van Rome geskei het. Die “moeder”-kerk beywer haar inderdaad aktief vir die terugkeer van haar “geskeide” dogters – net soos Bybelse profesieë aandui! *Wees op die uitkyk vir die toename in hierdie omvattende ekumeniese pogings van die Rooms-Katolieke Kerk – wat sy hoogtepunt sal bereik met die “dogter van Babilon” se bevordering en ondersteuning van 'n politieke figuur wat sal opstaan uit die as van die ou Heilige Romeinse Ryk – namate hierdie antieke profesieë *gestalte aanneem* in die nuus!*

—*Douglas S. Winnail*

**Vervolg vanaf bladsy 15 – Kies beleefdheid!**

iemand wat aan ons 'n onbesonne e-pos stuur nie. Indien ons eerlik is, besef ons: *Die probleem is ons!*

**'n Koninkryk van beleefdheid?**

Sal beleefdheid ooit weer in die samelewing terugkeer? Party wêreldleiers probeer dit bewerkstellig. Die Britse Eerste Minister, David Cameron, het klem gelê op “algemene ordentlikheid” as van die eienskappe wat aan die taan is, wat hy hoop om in Brittanje te laat herleef (lees “Londen Roep” elders in hierdie uitgawe). Ook in Amerika was “beleefdheid 'n algemene tema in politieke retoriek. In 1998 het die destydse Burgemeester van New York, Rudolph Giuliani, voorgestel dat 'studente (behoort) die belangrikheid van beleefdheid in hul geskiedenislesse te leer', terwyl die voormalige Amerikaanse President George W. Bush in sy inhuldigings-toespraak voorgestel het dat 'beleefdheid nie 'n taktiek of 'n sentiment is nie, dit is 'n doelbewuste keuse van vertroue bo sinisme, van geordenheid bo chaos” (Buonfino, bl. 15). Terwyl die pogings van burgerlike, besigheids- en selfs politieke leiers prysenswaardig is, sal hul werklik die gety van onbeleefdheid omswaai? Kan hulle?

Die waarheid is dat werklike, blywende, goddelike beleefdheid regoor die *hele* menslike samelewing slegs gevind sal word wanneer Christus oor die aarde sal heers. Bybelse profesieë toon aan ons dat die Redder van die wêreld nie net met 'n ysterstaf en met mag sal regeer nie (Psalm 2:9; Openbaring 2:27), maar ook met wysheid, begrip en geregtigheid (Jesaja 11:2-4). Jesaja 11:6-9 beeld die rustigheid en harmonie in die toekomstige wêreld uit. Indien die toekomstige duisendjarige vrederyk van Christus getipeer word deur vrede en beleefdheid tussen selfs die wilde diere, *hoeveel te meer dan nie tussen mense wat volgens die beeld van God gemaak is nie?*

Hoe omskryf God ware beleefdheid? Lees oor hoe kinders hul ouers behoort te respekteer (Efesiërs 6:2) en hoe ouers hul kinders moet *oplei* en nie te vertoorn nie (Efesiërs 6:4). Vind uit hoe huweliksmaats mekaar behoort lief te hê en te respekteer (Efesiërs 5:33). Lees hoe die jonger geslag die ouer geslag behoort te respekteer (Levitikus 19:32). Ontdek wat God sê oor beslegting van konflikte en die gee van opbouende kritiek (Mattheüs 18:15-17). Neem u voor om nie te skinder nie (Psalm 15:3). Praat die waarheid, in *liefde, en*

*sagkens* (Efesiërs 4:15). Dink aan die gelykenis van die Goeie Samaritaan (Lukas 10:30-37), en vergelyk dit met hoe Angel Torres se medemense hom behandel het terwyl hy bloeiend op daardie Hartford pad gelê het.

Christelikheid is **nie** 'n sagte, afgewaterde, goedvoel filosofie vir die wat week van hart is nie. Dit is 'n *uitdaging* om geloof en moed in te span om ons medemense lief te hê. In sy boek, *The Case of Civility: And Why Our Future Depends On It*, verduidelik skrywer Os Guinness korrek dat beleefdheid herbou moet word indien ons as 'n beskawing wil oorleef: “Beleefdheid moet werklik herstel word. Dit moet nie verwar word met gaafheid of blote etiket of afgemaak word as liggeraaktheid oor verskille nie. Dit is 'n geharde, kragtige, selfstandige begrip ... en 'n wyse van optrede wat bepalend sal wees vir die toekoms van die Amerikaanse Republiek” (bl. 3).

Selfs as sou die wêreld om ons onbeleefd word, het ons elkeen individueel 'n keuse. Ons moet besluit watter pad ons gaan volg: Die pad wat lei tot groter selfsugtigheid en woede; of die een wat lei na nederigheid, diens en liefde. Luister na die oproep om 'n sterk, getroue en goddelike ambassadeur van Christus te wees. Kies beleefdheid! **WVW**

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres en/of telefoonnommers.**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

God: “En Ek sal julle trotse mag **verbreek**, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie” (verse 19-20).

Wat was die twee primêre simbole van Amerika se mag? Hul oorweldigende *militêre sterkte* en ongeëwenaarde *nasionale rykdom*. Geen ander nasie kon Amerika ewenaar op daardie sleutelgebiede van nasionale trots en aansien nie. Nou egter – *tensy daar nasionale bekering plaasvind* – en 'n waaragtige terugkeer na die God van die Bybel, sal Amerika se militêre mag verbreek word op die buitelandse slagvelde – van Afganistan en Irak, en binnekort moontlik Iran en elders – omdat Amerika se krygsmag “te yl versprei” is en God se beskermende hand weggeneem word as gevolg van toenemende **sonde**. Soos verse 19-20 ook uitwys, op hierdie tydstip sal 'n eens welvarende nasie begin om *misoeste* en *voedseltekorte* te ondervind – nog later – “plae” of *siekte-epidemies*! Al hierdie nasionale strawwe, en ander wat soortgelyk is, sal oor die hedendaagse afstammeling van antieke Israel kom, **omdat ons God verwerp het!**

Ons hedendaagse Westerse nasies is toenemend ongehoorsaam aan die wette en insettinge van die Ewige God wat ons gemaak het en aan ons lewe en asem gee. Onthou, die God van die Bybel beveel streng: “*Jy mag nie doodslaan nie*” (Eksodus 20:13). Daardie selfde God beveel ons ook: “Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n **gruwel**” (Levitikus 18:22). Vandag egter, weens die voortdurende aanslag van wêreldlike propaganda wat aan hulle afgesmeer word, het *miljoene* jong mense afgestomp geraak vir wat reg en verkeerd is. Hulle verstaan letterlik nie die verskil tussen wat die God van die Bybel streng beveel en wat “Hollywood” en ondersteuners aanmoedig nie. Hul verstande is **verhard** – sodat hulle nie die *afskuwelikheid van sonde* begryp nie, of selfs waaroor “sonde” eintlik gaan nie. Dit is **verdoemlik!**

Kan ons verstaan dat *meer as 40 miljoen* jong menslike wesentjies se skedels vergruis is of dat hulle breine uitgesuig is in die naam van “voortplantingsregte”?

Nou sien ons ook die belaglike spektakel van mans wat met mans “trou”! So 'n perverse praktyk sou selfs 'n paar dekades gelede bespotting en totale hoon tot gevolg gehad het. Dit sou beskou geword het soos die boer van Pennsylvania wat letterlik na 'n predikant gegaan het met sy donkie en *gevra het dat die dienaar hom en sy donkie moet “trou”!* Dit was gedoen, tong in die kies, om hierdie boer se *uiterste walging* te toon vir die idee dat 'n paar homoseksuele, selfs baie jare gelede, die idee bespreek het van mans wat met mans “trou”. Vandag tree ons “opvoeders” en “leiers” egter dikwels so op asof sulke perverse praktyke heeltemal “normaal” is. Hulle is ook *vasbeslote* om te *sorg* dat dit “normaal” **lyk** – en sal daarmee aanhou totdat die God van die hemel ingryp en dit alles **stop** deur Sy Seun terug te stuur na hierdie aarde as Koning van konings!

Mag God u help om 'n “oorwinnaar” te wees – om die **doel** te verwesenlik waarvoor God aan u lewe en asem gegee het, en om die ewige lewe gegee te word in Sy toekomstige Koninkryk. “Hy wat **oorwin**, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7). Mag God u egter help om **nie** in die ander kategorie te val van diegene wat lag en spot vir God se woord en letterlik die wette en weë van hulle Skepper “minag” nie, want God sê in *net die volgende vers*: “Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood” (vers 8).

Mag God u help, geagte leser, om **wakker te word** voordat dit te laat is! Mag God u help om waarlik u Bybel te *bestudeer* soos nog nooit tevore nie – om aan uself te **bewys** waar Christus vandag werk en wat u daaraan behoort te doen. Indien u dit nie alreeds gedoen het nie, kontak die streekskantoor die naaste aan u (gelys op bl. 2)

en vra vir u *gratis* kopie van ons aangrypende boekie, *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig*, wat die belangrikste profetiese gebeure wat eersdaags oor ons gaan kom, uiteensit. Terwyl u besig is, vra ook sommer vir ons insiggewende en besielende boekie, *Die Tien Gebooie*. Hierdie boekie sal in diepte en in besonderhede **God se weg** wat ons almal moet uitleef, aan u verduidelik. Hierdie kragtige

boekies – wat heeltemal **gratis** op aanvraag gestuur sal word, soos al ons leesstof – sal u help om beter te verstaan wat vir ons voor die deur lê, en **waarom**.



# Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehoopmiddel te ontvang!  
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**